

kommando wou gegaan het: „We stelden ons voor ons kind in de bres; en ofschoon onze lieve SALOMON brandt van begeerte om op dít kommando mede te gaan, zo kunnen we ouderen om verscheiden redenen, niet besluiten hem van ons af te laten gaan.”<sup>1)</sup> Groot is die verligting as „mijn zoon SALOMON” met nog agtien manne gekommandeer word om na die kafferkraal van MOSHESH te ry, toe MOROKKO self sy eie sakies opknop en die kommando nie hoef uit te gaan nie. Met sy vriend IZAK VAN NIEKERK gaan hy dan op jag en gelukkig vir die oumense is dit IZAK wat by ’n ontmoeting met ’n leeu „die hem met zyn grote poot ’n goede slag op zyn linkerbil gaf” die slegste daarvan afkom en danksy die vindingrykheid van die boer dadelik die bynaam kry van IZAK LEEUW-BOUT om hom van ’n ander IZAK te onderskei.<sup>2)</sup>

RETIEF is vader en seun besonder geneë<sup>3)</sup> en SALOMON was gewild en gesien onder die jong mense op trek. Op sy een-en-twintigste verjaarsdag, 30 Mei 1837, was daar groot vreugde in die tentwa-huis. Ons hoor dat hy in Boesmanland op Torenberg (nou Colesberg) gebore is en in die gesprek tussen vader en seun, wat alles behalwe opgewek in die vroeë môre wakker word, hoor ons die ontevredenheid van die jong man met hierdie swerwersbestaan: „Papa! nu ben ik 21 jaar; maar ik heb nog niets in de wêreld, om als ’n man wat te beginnen.” Die vader waarsku dat hy nie sy lot aan die wêreld nie maar aan God moet toevertrou en troos hom dat ander nog met minder bedeed is:

„Dat is zo, mijn kind! Gij hebt weinig; maar gij hebt toch 5 paarden; gij zijt gezond; gij kent ’n goed ambacht; gij hebt dus nog meer dan andere. Gij moet niet alleen op uwe meerderen zien. En zie vooral op God. Die voor u mijn kind! en voor uwe broeders en ouders tot hiertoe gezorgd heeft. Die God zal verder wel voor ons zorgen, dat gij, zolang als gij leeft op aarden wel genoeg zult hebben.”

Die versorging was nie lang meer nodig nie, dit was sy

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 30 Dec. 1836. Vgl. ook 9 Jan. 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 2 Febr. 1837.

<sup>3)</sup> *Dagboek* in dato 27 April en 25 Mei 1837.

laaste verjaarsdag. Die 13de Julie teken die vader aan: „mijn SALOMON is zeer ziek tehuis gekomen van zijn jonge vrienden.” ’n Paar dae later is hy so ernstig dat hy saggies fluister: „Papa, dit is het einde van de reis. Ik zal sterven,” en verder geen ag meer slaan op die vrolikheid, musiek en sang van sy vriende nie.<sup>1)</sup> Die karavaan skuif tog maar ooswaarts die Sandrivier op hoe die vader ook al voel dat „’t rijden scheen mijn lijdende zoon meer goed dan kwaad te doen.”<sup>2)</sup> Twee dae later as hy biddende, singende, so goed as sterwende was, gaan die leraar onder hierdie sorgelike huislike omstandighede nog om ’n gebed te doen vir die seuntjie van ’n ander familie wat op sterwe lê. „Om die weide voor ’t vee,” om die daaglikse brood dus, moet hulle maar steeds verder. SMIT wou nog aan RETIEF voorstel om liever nie van staanplek te verander nie, maar die moeder meen dat hulle moet langzaam voortgaan en so ry hulle op ongebaande weë ’n hele skof van vier uur met die sterwende kind. Wat daardie dag van die 27ste Julie en die volgende dae in die vaderhart omgegaan het, kan ons vermoed uit die snikke en trane wat daar deur die prosa gaan. Hier styg die dagboek tot diep deurvoelde kuns in sy ongekunsteldheid. Ons sien hoe die skrywer die ganse dag by sy seun in die wa sit, aanskou sy worsteling met die dood, treur saam met sy vadersmart en „zeer laat in den avond bad ik nog eerst in stilte op zijn bed neergeknield, voor hem.” ’n Paar uur later het SALOMON aan die end van sy reis gekom. Die hele beskrywing van die siekte, dood en voorbereiding vir die begrafnis is ’n meesterstuk van beheerste smart. As literatuur ontroering in woorde vasgelê is, en ons beste skrywers hulle is, wat die ontroering aan die lesers kan oorbring, dan gee hierdie gedeelte van die Dagboek die reg om SMIT tot een van ons beste skrywers te reken. Vol dankbare erkentelikheid maak hy melding van die hulp van sy vriende wat hy in hierdie tyd van beproewing eers reg leer ken het. RETIEF skrywe die briewe aan die familie, sy vrou maak ’n „oversterfhemd, halskraag, muts en aangezichtskroon, deksel voor mijn ge-

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 19 Julie 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 24 Julie 1837.

storven SALOMON." 'n Vriend, sekere DREYER, ry om te sien of hy nie planke vir 'n doodskis kan kry nie, 'n ander, v. DYK, maak die kis, RETIEF die draagbaar. Hy laat ook die graf maak en dien as koster. Die volgende dag, Sondag, 30 Julie, is die vader al vroeg in die sterftent om vir die laaste keer „mijn waarde SALOMON (mijne beeltenis)" te sien; hy hou self die lykdiens en met byna bomenslike pligsbesef hou hy na die teraardebestelling sy gewone diens: „De oude zwakke en bedroefde leraar werd aanmerklijk door zijn Heer gesterkt om de dienst te volbrengen, tot blydskap voor de deelnemende gemeente."

SMIT het met AARON geleer om stil te swyg, maar sy vrou was ontroosbaar; die deelneming, gesprekke, psalme, gesange en liedere van hul talrijke vriende kon haar nie tot berusting bring nie. 'n Paar dae later moet hul die sterfplek verlaat, kruip langs die Sandrivier ooswaarts op, by die deur OEMZILKAATS verwoeste kafferkrake verby, maar hul gebroke harte het by 'n eensame graf in die veld agtergebly. As daar weer verjaarsdag in die familie gevier word, is die twee stok alleen „heden mijn en myner huisvrouw verjaardag: mijn 59e en haar 39e verjaarsdag." <sup>1)</sup> Verder niks; die stemming was te bedruk en gespanne om selfs aan vroeër feestelikhede en huislike geluk te dink op hul geboortedag.

In die Dagboek het SMIT goed sy eie angste en die algemene onrus wat daar in die laer geheers het, as gevolg van die gerugte en riemtelegramme wat rondgegaan het, weergegee. Op hierdie man, wat die pen makliker gehanteer het as die geweer, moes die worsteling op Vegkop, 16 Oktober 1836 en die ontsettende moord van 17 Februarie 1838 'n onuitwisbare indruk gemaak het, wat hy soos rou krete uit sy geskrif laat hoor. Eers is daar nog by hom dieselfde meely met die barbare wat hy as sendeling aan die Kaap gekoester het en hy is in staat om 'n lewendige, beeldryke beskrywing van die slag te gee as die gevaar geweke is en die boere die oorwinning behaal: „De ongelukkige wilden waren als zwarte duivelen gemonteerd; en verschenen in 'n ontelbare menigte, met 'n hels alarmgeschreeuw, slaande op hunne schilden als

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 28 Aug. 1837.

'n dondergeluid uit de wolken; en vielen op 't leger der witten aan." 1)

As 'n gerug 'n valse alarm blyk te wees, skerts hy oor 'n alarm wat niks anders was as "n menigte van nullen voor 'n vyf geplaats," 2) maar as „de droevigste nacht en teenwoordige dag van onze lange reis" 3) aanbreek skiet elke oog vol tranes by die deureles van die onsamehangende smartverhaal. Soiets as „emotion recollected in tranquillity" waar WILLIAM WORDSWORTH van praat, het ons kunstenaar nie geken nie; dit is die onmiddelikheid, die spontaniteit wat so aangrypend is. Daar is tye wanneer die siel net in 'n noodkreet verligting vind en in afwagting van die ergste slaak SMIT die noodkreet:

„En zo de Almachtige de vijand over ons laat triomferen wij erkennen Gods straffende, slaande hand dubbel waardig te zijn; want onze zonden zijn groot en veel. Doch zij Hij alsdan onze arme zielen genadig om Kristus kruisdood en bloedswille! Amen. Zijn wil over ons geschiedde! Amen. En dit is nu misschien mijn laatste dag van 't schrijven van mijn Joernaal." 4)

Die volgende dag, Sondag, kom die son op oor 'n laer wat so goed as uitgemeor is. In swyende groepies gaan die manne wat oorgebly het, om die lyke onder die aarde te bring, ander agtervolg die vlugtende vyand. Daar heers plek-plek die grootste verwarring waar 'n paar gewonde kindertjies met agtien assegaasteke die hooflaer op Doornkop binnegedra word, waar 'n vlugtende vrou van 'n welgeskape kind verlos word. Aan die gewone Sondagdiens dink niemand nie; die leraar wat van een toneel na 'n ander snel, kan geen aaneengeskakelde gebed voortbring nie; hortend en stotend stamel hy as hy die „droevigste" dag moet beskrywe:

„'t Was zucht op zucht, klacht op klacht. Ach God! ach Heer! Hoe geducht, hoe groot zijn Uwe oordelen over ons! 't Gekerm der gewonden, en de angst en schrik van anderen

1) *Dagboek* in dato 16 Oktober 1836.

2) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1837.

3) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1838.

4) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1838.

krijten ten hemel op.”<sup>1)</sup> Die drinkbeker loop vol as die tyding kom dat RETIEF met al sy manskappe vermoor is. Ons sien die skrywer strompel van tent tot tent tot dit hom te magtig word en hy buite die laer sy Bethel, sy Pniëll vind en ook die nagte in „zuchten en gebeden” doorbring. Sy persoonlike smart by die dood van SALOMON kon hy nog in taamlik be-  
 heerste eie vorm giet maar die ramp wat die hele gemeenskap getref het, kon hy alleen met Bybelse klaagliedere benader:

„O! dan ligt mijn SALOMON toch nog in de moederhart der aarde; maar ZEd. en hun aller overschot en gebeente als gekloofd hout op de aarde. O, hoe zijn de helden gevallen en de krijgswapenen verstrooid.”

In tye van die hoogste nood en spanning is hy die ver-  
 strooster en helper. Later as GERT MARITZ sterf, moet hy in 'n stortbui reent en knetterende onweer na die sterfbed gedra word deur die sterkstromende rivierspruit om die sterwende voortrekker in die laaste ure by te staan.<sup>2)</sup> Maar so gou as die gevaar gewyk is, staan die gedagte dat hy onge-  
 orden is weer soos 'n muur tussen hom en sy gemeente. Dit is die *leitmotief* van die dagboek; steeds is hy op sy hoede teen beter gekwalifiseerdes wat hom kon verdring. Eers koester hy argwaan teen die Engelse sendeling ARCHBELL, dan is hy verstoord en gebelg oor die onderkruipery. Sy styl gloei van verontwaardiging as hy betoog dat die leraar van die Metodistiese-Wesleyaanse kerk geen reg het, volgens die beginsels van die Dordtse Sinode, om in die Gereformeerde Kerkgemeente te preek nie. Vroër het dit net binne in hom geskryn as hy bid „de Heere rekene 't hem niet toe!”<sup>3)</sup> Van die eerste kennismaking het die afgunsweltjie om 'n hoek kom loer toe hy ARCHBELL se woonhuis in die kraal van Morokko gaan besoek, dit van „alle gemakken en kameren voorzien” vind met 'n lokaal vir die boekdrukkery waarin 'n „fraaie pers” staan.<sup>4)</sup> Maar sy ergernis oor die indringerigheid van ARCHBELL, oor die onheuse behandeling deur sy

<sup>1)</sup> *Dagboek* 20 Febr. 1838.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 25 Sept. 1838.

<sup>3)</sup> *Dagboek* in dato 19 Dec. 1837.

<sup>4)</sup> *Dagboek* in dato 6 Dec. 1836.

gemeentelede wat glad 'n lys in die laer laat omgaan het om die vreemde indringer tot leraar vir die laer te kies, styg daaglik. As ARCHBELL eindelijk veilig agtergelaat is, is dit weer die Amerikaanse sendeling DANIEL LINDLEY, wat 'n sendelingpos onder die Soeloes gehad het, wat SMIT se rus kom verstoort. LINDLEY was gelief onder die Voortrekkers<sup>1)</sup>, SMIT nie. Tog lê daar iets diep tragies in die feit, dat, toe die reisende gemeente na soveel gevare, soveel verdriet, soveel offers eindelijk die beloofde land Natal binnegegaan het, waar eindelijk 'n kerkgeboutjie in Pietermaritzburg opgetrek is, die afgeleefde leraar, wat alles saam deurgemaak het, nie meer goed genoeg is nie. Die geestelike leiding van die Afrikaner word aan die Amerikaan toevertrou liever dan aan hul eie leraar omdat hy nie die vodjie papier kon toon nie op die vraag van die voorsitter van die Volksvergadering „naar zijn documenten waaruit hij toonen kan dat hij bestaat als een geordend predikant.”<sup>2)</sup>

Ontwykend moes hy antwoord dat hy hul kwyt geraak het „op zijn landreis na hier.” Hy, die geestelike leier wat ons voorouers in 'n see van barbaardom vir verwildering help bewaar het, wat deur RETIEF self voorgestel is, wat die skrywer, die onderwyser van die trek was, word uit die hoogte gevra vir sy dokumente! En sy versoek om die heilige sakramente te mag bedien word van die hand gewys.<sup>3)</sup>

Hy skyn 'n moeilike man te gewees het; teen die end van sy lewe was sy gedrag nie altyd onberispelik nie; in die notule van die Natalse volksraad word selfs gesinspeel op „zijne aanstootlijk gedrag”. Telkens is daar 'n memorie van hom voor die vergadering, dan om sy traktement te vergroot, dan om die toekenning van 'n erf, dan om die uitruiling van 'n

---

<sup>1)</sup> JOHN BIRD: *The Annals of Natal* Vol. 2 p. 355—363. The Rev. A. FAURE to the Hon. JOHN MONTAGU Jan. 1844 in *The Annals*, Vol. 2 p. 360. Ook G. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing*, Notule van die Natalse Volksraad (1839—1845) uitgegee by v. SCHAIK 1924, p. 9, 31, 34, 54, 58, 81, 91, 103, 131, 145, 243.

<sup>2)</sup> PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 91—92.

<sup>3)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 242.

huis, dan om die uitbetaling van sy verstreke salaris <sup>1)</sup> waaruit ons die houding van die trekkers kan begryp. Maar tog as daar in 1838 'n gedenkteken vir hul opgerig word, behoort die name van die penniste ERASMUS en CATHARINA SMIT in hoofletters daarop gebeitel te word. Die uitgewer van die *Dagboek*, ds. H. F. SCHOON, wat meermale as kind in hul huis gekom het, verklaar van die twee mense: „Hy was toen zeer stil en tot zichzelf ingekeerd; maar zijn echtgenote was zeer spraakzaam, en jegens mij doorgaans lieftalig en moederlik.” <sup>2)</sup> Met hierdie „spraakzaamheid” het adv. H. CLOETE die Britse kommissaris, wat die Natallers in 1843 moes beweeg om hul in die onvermydelike te skik en aan die anneksasie van Natal te onderwerp, deeglik kennisgemaak. Dit is sy wat hom twee uur lank agter geslote deure getrakteer het op 'n uiteensetting van die rol van sy Engelse vriende teenoor sy landgenote en ronduit verklaar het om liever oor die Drakensberge terug te loop as haar aan die Engelse oorheersing te onderwerp. <sup>3)</sup> Ook sy het 'n *Dagboek* gehou van hul later wederwaardighede in Natal waarin sy veral te velde trek teen die Lutherse predikant DÖHNE, wat volgens haar onsuiver in die leer was, te Remonstrants, te Arminiaans na haar sin. <sup>4)</sup> Veel is in die tyd aan drome geheg en die merkwaardige vrou het buitengewone openbaringe gehad waarvan sy „geheele boeken had volgeschreven”. <sup>5)</sup>

Die dweepend godsdienstige toon wat ook uit haar briewe spreek, herinner sterk aan die van CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER, maar sy kom my tog voor as 'n kragtiger persoonlikheid, wat die stryd aangedurf het, wat geweet het hoe om die moeilikhede aan te pak en die „onspoed” te bo te kom!

Tot die uiteinde was die reis vir hulle moeite en verdriet,

---

<sup>1)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 31, 42, 39, 53, 75, 92, 127, 242.

<sup>2)</sup> Inleiding tot die *Dagboek*.

<sup>3)</sup> Vgl. *De Kerkbode* 20 Junie 1918 en 10 Julie 1918 en PRELLER: *Voortrekkerkermense* II p. 54—59.

<sup>4)</sup> Ms. in besit van adv. E. G. JANSEN. Fragmente daaruit sou interessant genoeg wees vir publikasie.

<sup>5)</sup> Vgl. P. HUET: *Na vijf jaren*. ('n Fragment is herdruk in *Pierre Lammes Huet* p. 293—295).

het daar 'n swaard oor hul gehang, het die verwoestende kragte van buite *hom* veral beklem en benou omdat hy geen groot held was nie en die stryd nie gesoek het nie. 'n Week an mekaar, sy op 27 Julie, hy op 4 Augustus 1863 het hul die rus ingegaan. Maar in die Dagboek, waarvan die tweede gedeelte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog onherroeplik verlore gegaan het voor dit deur die pers soos die eerste stuk, kon bekend gemaak word, is 'n monument nagelaat van lyding en stryd wat nie slegs as historiese bron maar ook as literêre uiting van sy tyd van groot betekenis is. Waarheidsliefde, wat SMIT nagestreef het, is die trots van die Dietse skrywer maar aan gevoel en verbeelding ontbreek dit hier nie; hy gee 'n temperamentvolle siening van die hoofmomente uit die trek. Veel van sy angste is ingebeeld en oordrewe, die betekenis, wat hy heg aan drome, louter fantasie. Die Afrikaanse literatuur is 'n kind der smarte, die hele 19de eeu 'n eeu van onreg. Daarom verwag ons hier meer tragiek dan humor, meer gebede tot die Allerhoogste dan tot die skoonheidsgode. Tog kan ons 'n enkele keer 'n glimlag nie bedwing nie as die ongeluk SMIT op alle moontlike maniere agterna sit en hy tot van 'n hond in sy linkersy gebyt word wat 'n winkelhaak in sy nuwe mantel veroorsaak; „maar 't arme dier was ook voor vast door 't geraas van de mantel geschrokken; en hij heeft zeker niet geweten, zeide men, dat hij den Predikant van 't leger heeft gebeten.”<sup>1)</sup> En ongevoelig vir die skoonheid en die grootsheid van hul omgewing is hy heeltemal nie. As in die maand Oktober „die mooiste, mooiste maand” die trekkers aan die voet van die Drakensberg is, voor die poort wat hul ingang sal gee tot die land van belofte, verlustig hy *hom* in die „zeer fraaie bloemen uit dit bloemrijk oord, van vele door onze nog nooit geziene bloemen, in 't legerkamp thuis gebracht zodat ik proponeerde de plaats, waar we nu met 's Goeverneurs kamp gekampeerd liggen, Bloemendal of Roderozendal te noemen; overwegende de uitnemende grote rozenrode bloemen die hier in grote menigte gevonden worden: men behoefte niet eens naar 't veld uit te gaan, om de

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 9 Aug. 1838.



bloemen te zoeken; maar de aangename geur der bloemen wandelt of komt ons hier in 't leger als vanzelf tegemoet." <sup>1)</sup>

Waar die later Afrikaanse kunstenaars die ontroering wat die blommeprag van die vlaktes en die hoëveld by hul opgewek het in versvorm geuit het, waar hul in liriese verse ons smartvolle verlede besing het, het ERASMUS SMIT gebruik gemaak van die prosavorm van sy tyd en daarin sy skoonheids-, godsdienstige en maatskappelijke ontroering vasgelê, sy dit dan in 'n swakheid volbring maar wat geen uitgewer tog die reg gegee het om sy taal en styl te „verbeter" nie. Die hele land onder die Drakensberg vind hij „al meerder en meerder onbeschrijflik skoner" en as hul van die land van belofte waar nuwe droefheid en dood en teleurstelling hul gewag het, eindelijk besit neem, is sy geloof onwrikbaar, breek die Dagboek af met 'n dankgebed „aan de waterfontein." <sup>2)</sup>

#### 4. SAREL ARNOLDUS CILLIERS, DIE „VADER VAN DINGAANSDAG".

Die teenstander van ERASMUS SMIT, SAREL ARNOLDUS CILLIERS het ook 'n joernaal geskrywe, „op zijn sterfbed." <sup>3)</sup> Waar die Dagboek van SMIT vir die taalkundige in soverre waardeloos is dat die oorspronklike taal en spelling van die skrywer nie bewaar gebly het nie, is hierdie werk van 'n gebore Afrikaner, afstammeling van 'n Hugenote-familie in sy onbeholpe half-Hollandse, half-Afrikaanse taalvorm naas die Dagboek van TRIGARDT ons beste voorbeeld van voortrekkersskryfkuns.

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 13 Okt. 1837

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 31 Jan. 1839. Met die oog op die Voortrekkers-eeufees is 'n herdruk van die Schoon-tekste wat nou die waarde van 'n handskrif het, baie gewens.

<sup>3)</sup> Uitgegee deur H. J. HOFSTEDÉ JR.: *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, in verband met eene korte Geschiedenis der aangrensende Kolonien, vooral der Kaapkolonie*, p. 50—66. 's-Gravenhage, 1876 en G. B. A. GERDENER: *Sarel Cilliers die vader van Dingaansdag*, Aanshangsel I, Pretoria 1924. Lewensbesonderhede hieraan ontleen. Ook uit PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 63—64, 78, 94, 244, 245, 246.

SAREL is op die plaas Schoon Gezicht, distrik Klein Drakenstein in 1801 gebore en in die Paarl gedoop. Met die oorgawe van die Kaap in 1806 het sy ouers na Graaff-Reinet verhuis waar hy hom op die veeboerdery toegelê het, in 1830 na die Hantam (Colesberg) trek en in 1835 die kolonie verlaat. Van jongsaf was hy innig vroom en as trekker het daar by hom die oortuiging geheers dat dit die wil van God was dat die Boere die Kristenbeskawing Noordwaarts moes uitbrei.<sup>1)</sup> Hierop is sy hele joernaal gebou. In die eerste plek word ons getref deur die godsdienstige toon, wat aan die fanatieke grens, van die man, wat die verbond met die Potentaat van alle Potentate gesluit het op 16 Desember 1838. Die Bybelse uitdrukkinge en Oud-Testamentiese toespelings wat daarin voorkom is 'n bewys dat die skrywer geen ander boek gelees en geken het soos die Bybel nie en dat dit aan sy styl die geykte vorm gegee het wat kenmerkend is van die geskrifte van die Trekkers. Die stuk wemel van spelfoute, taalfoute en stylfoute, die interpunksie is alles in die war maar die ongeletterde boer wat 'n gebore verteller is, het tog geweet om beweging, gang, en gevoel in sy beskrywings te kry. Die held van Vegkop laat ons sien deur middel van kort afgebete sinnetjies hoe die impl's van MOSELIKATSE aangehurk kom, hoe hulle die doringtakke uit die speke probeer ruk en ten slotte die onderspit delf. KALIFI vlug weg terug na sy land en voer met hom al die vee mee met die gevolg dat „mijne kinderen huilde van honger en ikzelf en niets had om mijn kinderen te geven, 15 dagen duurde het.”<sup>2)</sup> Dit is dieselfde Wesleyaanse sendeling ARCHBELL van Thaba Nchu wat SMIT soveel ergernis veroorsaak het, wat die Trekkers in hul „groot behoefte, in ons Hongersnood” kom voorsien, 'n daad, wat CILLIERS nooit vergeet het nie en hom altyd die hand bo die vreemdeling laat hou het, waar daar moes gekies word tussen SMIT en ARCHBELL as geestelike leiers.

---

<sup>1)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Het Kerklike en godsdienstige leven der Boeren na de Grote Trek*, Inleiding p. 8, (1915) en F. LION CACHET: *Vyftien Jaar in Z.A.*, p. 234.

<sup>2)</sup> GERDENER: *Sarel Cilliers*, Joernaal p. 115.

Sonder mooimakery, presies soos hy dit sou vertel het, vol herhaling, teken hy die slag van Bloedrivier. Soos 'n rolprent sien hy die hele geskiedenis weer by hom verbytrek, „de eene Wee was voorby daar komt een ander wederaan,” nog erger dan die voorafgegane. Hy leef weer die bange momente oor en met 'n sug van verligting verbreek hy die spanning met die versekering „onzen Vijand werd verschrikt en hun hand wierd versaagd,” <sup>1)</sup> 'n Bybelse uitdrukking, wat hy graag gebruik het. Dit is asof een van die kroniek-skrywers self aan die woord is; na iedere slag word vermeld „onzen vijands hand wierden hoe langer hoe meer versaagd tot zij ons de Nek keerde en vlood voor onze aangezigt, toen had wij door Gods genade, ook weder de Overwinning in een woede ging het toen voor, en was geen tegenstand meer, wij dreven hun op een hoop. Ja, zij werden door ons overrompeld totdat zij in een spelonk door ons gedreven worden van een Berg.” <sup>2)</sup> As CILLIERS sy plegtige gelofte aflê, word die Allerhoogste afgesmeek „dat hy met ons in de banier moeten gaan, zooals met MOSES en JOSHUA.” <sup>3)</sup>

Orals is daar duidelike bewyse dat hy die trek as 'n tweede uittog uit Egipte beskou het, homself met die Israelitiese leiers vereenselwig het, en in hul trant sy gemoeds- en geesteslewe bloot gelê het in sy geskrif. Kroniekerig, deurspek met Bybeltekste, som hy die verskillende momente in die drama op, tot hy by die gelukkige ontknoping kom en sy pen ineens los word, die beeldspraak tipies van die Afrikaanse boer, direk aan die Afrikaanse natuur ontleen word: „leggen de Kaffirs bijna zooals pompoenen op de land die wel gedragen hebben.” <sup>4)</sup>

Die joernaal vertel ons van al die „grootte wee” tot aan die anneksasie van Natal 1843 en nog verder tot by Boomplaas 1848 toe ook die Vrystaat ingepalm word. Die gevolge van die anneksasie van Natal was dat een groep sak en pak terug

---

<sup>1)</sup> *Joernaal* p. 117.

<sup>2)</sup> *Joernaal* p. 118.

<sup>3)</sup> *Joernaal* p. 120.

<sup>4)</sup> *Joernaal* p. 124.

oor die berg is, <sup>1)</sup> 'n tweede hom in die onvermydelike geskik het en 'n derde waaronder CILLIERS, 'n wag-'n-bietjie-houding op hul plase aangeneem het. Die man van hierdie joernaal kon met TOTIUS gesing het:

„Bo al die troosgeboomte, o God!  
Bloei my U troosboom uit.  
Dit is die wag-bietjie-bos  
Van u besluit.”

Met sy drie seuns moes hy, die Natalse volksraadslid, <sup>2)</sup> in die houtbosse werk en van tyd tot tyd die vragte na Pietermaritzburg, die Voortrekkerstad, toe neem waar in die vervolgdie Engelse vlag waai en 'n eeu lank die stoere pionier „nêrens, so karig reg geskied.” <sup>3)</sup>

As houthakker en waterdraer in sy eie skoongevegte land, skrywe hy aan sy susters in die ou Kolonie: „als onze Heer mij gezondheid geeft dat ik werken kan dan hebben ik en mijnen geen gebrek... Ik heb een redelike verdienste met hout.”<sup>4)</sup> Maar in 1847 verlaat hy die houtbosse van Natal om op die Vrystaatse vlaktes rus vir die holte van sy voet te soek. Ook daar agtervolg die skaduwee van die Engelse vlag hom na die slag van Boomplaats, van 1848 tot 1854.

Na die Bloemfontein-konvensie het hy 'n merkwaardige Grondwet opgestel, wat meer getuig van diepe vroomheid dan staatsmanssin maar waarin hy tot aan 'n drukpers vir die Vrystaat gedink het, seker op voorbeeld van die joernalistieke bemoeiinge van BONIFACE en MOLL in Natal. Hy het hom veral op kerklik gebied bly beywer en in 1854 'n brief

<sup>1)</sup> Vgl. G. STUART: *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek*, oor die ontruiming van Natal.

<sup>2)</sup> Hy is ingesweer op 7 Aug. 1845. Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 244.

<sup>3)</sup> A. G. VISSER: *In die Voortrekkerskerkie*. Vgl. ook G. S. NIENABER: *Honderd Jaar Hollands in Natal*.

<sup>4)</sup> Die eerste brief het hy aan ABRAHAM FAURE in 1843 aan sy susters meegegee. 'n Ander van 6 Des. 1845 is afgedruk, ongelukkig „verbeter”, in *De Fakkel*, 24 Maart 1898. Nog een van 11 Jan. 1853 in *De Fakkel*, 23 Febr. 1899.

aan die Tranvaalse gemeentes gerig om teen ds. v. D. HOFF en J. A. SMELLEKAMP, die Lydenburgse onrusstoker, skrywer van *Mijn wedervaren in de Zuid-Afrikaansche Republiek*, 1854, te waarsku, wat hy as Liberaal bestempel het.<sup>1)</sup> Dit het omstreeks die vyftiger jare „Ope briewe” begin reent as uiting van die kerklike twiste wat gegaan het oor liberalisme of ortodoksie, Hollandse of Skotse predikante, aansluiting by die Kaapse Sinode of nie. Uit die Kaap kom die *Herderlijke Brief*,<sup>2)</sup> uit Transvaal *Eene Stem uit mooi Rivier*<sup>3)</sup>, wat op die kerklike Sinodes tot ’n orkaan aangeswel het. Die godsdiensgeskille is so goed as die enigste onderwerp, wat die penne in beroering bring, dit het die leeslus en skryflus van die Afrikaner op ’n besondere manier aangewakker, hom ge oefen in die gebruik van die Hollandse taal. SAREL CILLIERS het midde in die stryd gestaan en in 1862 as ouderling na Kaapstad gereis om die gedenkwaardige afskeidssinode by te woon waarop vir die laaste keer Kaapse, Vrystaatse, Transvaalse, en Natalse gemeentes saam verteenwoordig was. Op hierdie Sinode het die Skotse predikante met di. ANDREW MURRAY as voorsitter, WILLIAM ROBERTSON as scribe getriomfeer, omdat die volk liewers ortodoks en Engels georiënteer *wou* wees, as dit dan nou moet, dan Hollands en liberaal. Alles het om die liberalisme gedraai, wat die onderspit gedelf het na ’n kort felle stryd.<sup>4)</sup> Hierdie Sinode was vir die Dietse kultuur een van die grootste neerlae; daarna gaan die kerklike stroom in vlugge tempo in Engelse rigting, word die aard van die bolwerk van ons Dietse beskawing deur die opwekkingsdienste en die „Revivals” aanmerklik gewysig.

Die lede van die Transgariëp en Natal het die Sinode met ’n gevoel van kerklik verban te wees, verlaat en die stranding van die Waldensian op die Augulhasrif, was vir CILLIERS geen ramp meer nie in vergelyking hiermee. Hierdie skipbreuk van die Waldensian het die joernaliste maande

<sup>1)</sup> GERDENER, CILLIERS, *Aanhangsel* II, E.

<sup>2)</sup> ’n Eksemplaar in die Argief, Pretoria. Herdruk in *De Kerkbode*, 1856.

<sup>3)</sup> In *De Gereformeerde Kerkbode*, 25 Okt. 1856 herdruk. Oorspronklik in pamfletvorm gedruk.

<sup>4)</sup> Vgl. S. P. ENGELBRECHT: Thomas François Burgers, p. 35—86.

lang stof verskaf en op sy eie tipiese manier beskrywe CILLIERS die stranding in 'n brief aan die Landdros BODENSTEIN van Potchefstroom, 30 Desember 1862 <sup>1)</sup> Op dek het hy hom by al die passasiers geskaar, hom na sy predikant VAN DE WALL gerig en na die wedersydse versekering dat die dood vir hulle geen angs inhou nie „was het mijn als of een mijn mit de geschiedenis van POWLES op schip inligd dat toen het schiplieden in so een sware storrem was, dat de Here Hen in de nag aan hem ontdek.”

Hoewel die Trekkers in werklikheid in die neëntiende eeu eeu gelewe het, het hul gedagtegang altyd op die van die sewentiende eeu bly lyk. Alle opvoeding was streng godsdienstig, die kerk vir hul onafskeidelik aan die skool verbind <sup>2)</sup> waardeur hul briewe en geskrifte deurdring is van die Heilige Skrif. CILLIERS het die Bybel nie minder as vyf keer deurgelees nie en daar was geen situasie waarin die Trekker hom bevind het of hy kon 'n parallele geval uit die Ou-Testament aanhaal. Tot vir sy perde word gebid want hy lees in sy Statebybel: „De rechtvaardige kent het leven van zyn beest.” Hierdie vader van Dingaansdag het die mentaliteit van 'n eenvoudige, ongeletterde Puritein gehad, wat besiel was met 'n vaste geloof, 'n volksideaal, wat aan sy skryfwerk, hoe onbeholpe en gebrekkig na die vorm ook al, 'n sekere wyding gegee het. *Die Journaal van wijlen den heer Charel Celliers, oud-ouderling der N. G. gemeente Kroonstad Oranje Vrystaat*, sy briewe uit Natal en die Vrystaat, sy werksaamhede as volksraadslid en ouderling getuig van 'n eenvoudige Ou-Testamentiese siel wat veral die Sabbatsontheiliging, die Nuwejaars-danspartye van die nuwe generasie as 'n gruwel beskou het. Na die nuwe orde kon en wou hy hom nie skik nie en hy het die ewige rus ingegaan in die vaste geloof dat iedereen sy lewe stiptelik volgens die Bybelwoord moes inrig. Sy ideaal om predikant te word, is nooit verwesenlik nie maar sy gees soos die geopenbaar word in sy joernaal, is deur

---

<sup>1)</sup> Oorspronklike in die Voortrekker-museum, Pietermaritzburg, afgedruk by GERDENER: *Aanhangsel*, G.

<sup>2)</sup> Vgl. MALHERBE: *Education in South Africa* p. 182.

en deur die van 'n ortodokse leraar, sy taal alleen maar veel gebrekkiger as die van die predikant-skrywers van sy tyd weens 'n bykans algehele gebrek aan 'n skool-opleiding.

5. ANDER SKRIJWERS WAT OOK MOEITE GEHAD HET MET DIE SKRIJFTAAL, FERDINAND VAN GASS, ANNA ELISABETH STEENKAMP, ENS.

Beter, hoewel ook vol taalkundige „foute” en allerlei Afrikaanse woorde en uitdrukkinge sou die taal van die Switserse skoolmeesters-seun, FERDINAND PAULUS VAN GASS, gewees het. FERDINAND het 'n Deense moeder gehad en is in 1822 in Denemarken gebore, maar die volgende jaar het sy ouers al na Suid-Afrika verhuis waar hulle heeltemal ingeburger geword het.<sup>1)</sup> In Kaapstad het VAN GASS hom as deelgenoot in 'n handelonderneming op die handel tussen die Kaap en Batawië toegelê maar al gou die saak verlaat na 'n uitval met die hoof. In 1825 het hy hom in Somerset Oos gaan vestig waar hy na die dood van sy vrou kort daarop, alle betrekkinge met die familie in Europa verbreek, hom as skoolmeester onder die Boere verhuur en die agtjarige FERDINAND aan 'n grensboer H. P. MALAN in 1830 bestee. Met MALAN trek FERDINAND die wye wêreld in as die groot uittoeg in 1836 begin en word die skrywer van *Herinneringe*

---

<sup>1)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan die *Herinneringe* van VAN GASS en 'aan PRELLER: *Voortrekkermense* I. Inleiding. Die *Herinneringe* is vir die eerste maal uitgegee in die vorm van 'n brosjure getitel *Een Afrikaner*, deur A. G. C. VAN DUYL by J. H. KRUYT, Amsterdam 1883. In die Voorrede sê VAN DUYL dat hy probeer het „van de oorspronklike vorm alles te behouden, wat aan 't geschrift 'n eigenaardige kleur geeft, of voor taalvorsers van enige belang kon wezen”. Maar daar hy ook probeer het om „tegelijk zoveel te veranderen als nodig was, om het boekje gemakkelijk leesbaar te maken”, is die teks nie letterlik van VAN GASS nie. Aangesien die oorspronklike verlore gegaan het, is die KOLLEWIJN-spelling van PRELLER in die VAN DUYL-tekste nie te regverdig nie. In *De Volksstem* 14 Jan.—11 Maart 1889 is stukke van *Een Afrikaner* herdruk. In *Die Brandwag*, 15 Maart—1 Junie 1914 het PRELLER dit opnuut laat verskyn sodat dit een van die mees gelese Voortrekkergeskrifte is.

uit die helde-tydperk nadat die nasionale gevoel met die Eerste Vryheidsoorlog weer 'n geweldige stoot vorentoe gekry het. Op sy ou dag herinner hy hom hoe hy as kind leeu-avonture beleef het in die teenwoordige Vrystaat en dan kom daar by hom die versugting op, dat sy volk insgelyks uit die leeu-muil van „mag is reg” mag ontsnap:

„'n Ander maal ging ik met hetzelfde kaffertje uit, om beesten te keren, en ik nam 'n klein geweer door de oude MALAN ekspres voor mij gekocht. Ik schoot 'n jonge rietbok, en 't was buitengewoon vet; zo besloten wij 't naar de wagens te brengen. Na de beesten gekeerd te hebben, is ons gaan zitten spelen onder de bomen, de geschoten bok in de schaduw neergelegd hebbende, toen wij tot onze verbazing iets hoorden, en, opziende, weder 'n grote leeuw slechts enige treden van ons af zagen, natuurlijk gekomen zijnde op de reuk van 't bloed van de geschoten bok. Daar ik juist met ons spelen halverwege in een der bomen zat, was ik als 'n aap zo spoedig mogelijk zo hoog als de takken van de boom mij konden dragen, mijnen kleine kameraad op de loop naar de wagens, waar hij rapporteerde wat voorgevallen was, waarop weer enigen kwam(en), en alweer mijn ongenodigde bezoeker afmaakten. Ik moet hier zeggen, dat geweer en alles onder de bomen was blijven liggen, maar de leeuw heeft zich aan niets gestoord; hij heeft niet dan mijn rietbok genomen en enige treden weggedragen, en is zeer lustig aan 't vreten gegaan, alwaar hij nog aan bezig was, toen het eerste schot op hem werd gevuid, wat hem ook afmaakte. Hier zat ik zeer gerust en veilig, daar ik wist dat leeuwen geen bomen kan klimmen, en ik te hoog zat voor hem om mij met 'n sprong te bereiken, zodat ik heel gerust zat te aanschouwen hoe dat hij zich verkwikte aan mijn geschoten bok, waar hij volstrekt geen aanspraak op had, alleenlik gebruik maken van zijn macht boven mijn te recht — als met Vrijstaat en Transvaal door 't Engelse Goevernement! Wel, na zijn dood kwam ik van mijn boom en nam weer wat mij toekwam, *want macht was gebroken en nu kon recht mij wedervaren*, hetwelk ik hoop dat ook 't geval zal zijn met onze verongelijkte landgenoten.” <sup>1)</sup>

<sup>1)</sup> Herinneringe p. 13—14 in PRELLER: *Voortrekkermense I.*



VAN GASS het weer in die Kaapkolonie teruggekeer maar telkens jag en handelstogte na die Vrystaat en tot in Transvaal onderneem. In 1853, na sy huwelik met ANNA ELIZABETH SOPHIA DREYER, het hy 'n tydjie op die plaas Rietvlei digby Pos Retief gewoon maar in dieselfde jaar nog verhuis na 'n goewernementsplaas in die distrik van Queenstown. Hy het in verskeie kafferoorloë meegeveg en in die van 1878 self die rang van burger-kommandant beklee by die verdediging van Adelaide. Twee jaar na die Eerste Vrijheidsoorlog, in 1883, is hy in Queenstown oorlede.

Die joernale is gewoonlik teen die end van die lewe van die skrywers opgestel maar toe hul geheue nog uitstekend gefungeer het. Dit is ook die geval met die *Gedenkschrift of Journaal van onzen uittogt uit ons moederland tot hier aan Port Natal* van ANNA ELIZABETH STEENKAMP (gebore RETIEF) wat die gedenkskrif in 1843 in Pietermaritzburg gemaak het „voor mijne familie, kinderen en kinds-kinderen, thans nog in de binnenlanden woonachtig, opdat zij mogen weten waarom hunne ouders en grootouders hun moederland hebben verlaten, en welke angst en benaauwdheid en pijn en smart, honger en kommer, zoowel van vijanden als van vuur ons getroffen hebben, en oorzaak waren van veel droevig zuchten en bittere tranen, hoewel wij geleid en beschermd werden door onzen getrouwen God en Vader in deze zware omstandigheden.”<sup>1)</sup>

Ander soos J. H. HATTING, die katekisant van ERASMUS

---

<sup>1)</sup> *Elpis*, 1860, p. 135—149, volgens 'n afskrif op versoek van S. HOFMEYER gemaak. Die afskrywer het ongetwyfeld die taal en styl „verbeter”. Die *Gedenkschrift* is ook gepubliseer in *The Orange Free State Monthly mag.* Vol. II, (1 Nov. 1878—31 Oct. 1879) pp. 883—890. Vertalings kom voor in *Cape Monthly mag.* Sept. 1876 en *Bird: Annals of Natal* Vol. I (1495—1845) p. 459.

In die staatsargief, Bloemfontein is 'n ms. bestaande uit een-en-twintig bladsye. Die jongste uitgawe, PRELLER: *Voortrekkermense II*, het die *Elpis*-lesing nie geken nie, en die uitgaaf van VAN ZIJL & Co. Pretoria 1892 as die oudste in druk verskene lesing beskou. Sy teks is 'n herdruk van 'n brosjure by *De Volkstem* in 1899 besorg: *Uit Dagen van Strijd*, waarin ook weer heelwat editoriale „verbeteringe” aangebring is.

SMIT <sup>1)</sup> op wie se voorbeeld hy ook 'n soort van dagboek gehou het, het 'n Hollandse skoolmeester DIEDERIK BLAUW as amanuensis gebruik om sy aantekeninge persklaar te maak, wat in 1893 in boekvorm verskyn het, getitel: *De Geschiedenis van de Hollandsch-Afrikaansche Boeren, vanaf hun vertrek uit de Kaap-Kolonie, tot op de aftreding van President Burgers.* <sup>2)</sup> Die *Gedenkschrift* van die oudste kind van die oudste broer van PIET RETIEF, ANNA STEENKAMP 'n vrou van sowat ses en veertig jaar toe sy haar pennevrug in 1843 gelewer het en die geskiedenisboekie van ERASMUS SMIT se leerling HATTING is 'n aanvulling en 'n bevestiging van wat SMIT in sy Dagboek meedeel.

Ander *Herinneringe* soos die van KARL TRICHARDT, die seun van LOUIS, wat twintig jaar voor DAVID LIVINGSTONE tot by die Zambesi deurgedring het, waar hy sy oë op die wonder van die „Victoria Waterval” sou kon geslaan het, is opgeteken deur die staatshistorikus van die Suid-Afrikaanse Republiek, G. A. ODÉ in die neëntiger jare <sup>3)</sup> en kan dus nie as 'n voortrekker-geskrif beskou word nie. As KARL die skryflus van sy vader gehad het, sou hy boekdele kon geskrywe het oor sy omswerwinge maar sy opleiding was nog gebrekkiger en hy het daar nie aan toe gekom om sy ondervindinge self op te teken nie.

Die Dagboek, die Joernaal en die Brief was die enigste vorm waarin die voortrekker sy gedagte en sy ontroering op papier gesit het, toe die skrywers in die Kolonie, wat 'n betekelike rus en welvaart en opvoeding geniet het, lang besig was om digbundels en dramas te vervaardig, koerante en tydskrifte tot hul beskikking gehad het, waarin hul kon publiseer. Dat daar nog iets deur hul geskrywe is, is 'n wonder in aanmerking geneem die omstandighede waaronder die geskrifte

---

<sup>1)</sup> Vgl. *Dagboek* van ERASMUS SMIT in dato 1 Oktober 1838.

<sup>2)</sup> Utrecht, *Zuid-Afrikaanse Republiek*, gedruk en uitgegee deur A. VON LEVETZOW, *Vrijheid*, 1893. Slegs 'n gedeelte is herdruk met 'n inleiding deur PRELLER: *Voortrekkermense I* wat ongelukkig die spelling „geredigeer” het en die gedeelte wat handel oor die gebeurtenisse na die anneksasie van Natal, weggelaat het.

<sup>3)</sup> Uitgegegee met 'n inleiding deur PRELLER: *Voortrekkermense II*.

ontstaan is en die minimum opleiding wat die skrywers gekry het in die hantering van die pen. Hul kuns was die vertelkuns, egte volkskuns wat mondeling oorgelewer is, tot 'n jonger, bevoorregter geslag die verhale en raaisels en liedjies kon opteken. <sup>1)</sup> Naas die Bybel en die Psalme was hul leesstof beperk tot stigtelike lektuur, tot 'n enkele predikasie- en gebedeboek. Veral die werke van COENRAAD MEL, SMIJTEGELT, WILHELMUS A BRAKEL, PETRUS IMMENS en die liedere van SLUITER, LODENSTEIN en GROENEWEGEN was gewild in die afgeleë distrikte <sup>2)</sup> en dis is dan ook in die eerste plek die godsdienssin van die Boere, afgesonder en geïsoleer van alle beskawingsinvloede soos hul was, wat hul van verwildering bewaar het <sup>3)</sup> hoe hul vyande ook al daarop mag gesmaal het. <sup>4)</sup> Onderwys in die buitendistrikte voor die Trek het byna heeltemal ontbreek, sodat TRUTER, wat as kommissaris van die Rondgaande hof, oor die onderwystoestande moes rapporteer, in 1824 verklaar: „yet the greatest part of the children, of the inteior — two thirds at least are wholly deprived of the privilege of instruction” <sup>5)</sup> en die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* 'n jaar voor die trek nog die „beklagenswaardigen toestand der scholen in de buitendistricten” betreur. <sup>6)</sup> Solang die gemeenskap gedurig in beweging was, gedurig op hul hoede moes wees teen vyandelikhede, kon daar geen sprake wees van vaste onderwysinrigtings nie en moes hul vir hul

---

<sup>1)</sup> 'n *Lied van die Voortrek* is deur PRELLER: Voortrekkermense I, bylaag III afgedruk, 'n Ander lesing daarvan onder die titel *Vreemdelingenlied* word gegee deur B. H. VAN BREEMEN: *Schetsen en Beelden uit Zuid-Afrika*, Amst., HUISMAN & Co. 1882. Die oorspronklike van die deur PRELLER afgedrukte voortrekker-lied „Daar trekt de veeboer heen” is te vind in *The Meditator*, 2 Jan. 1838 getitel *Het Lot van Zuid-Afrika*. Sien verderop.

<sup>2)</sup> Vgl. Prof. MURRAY: *De Christelijke Volksliteratuur van Zuid-Afrika* in Verslag van de Werkzaamheden van de Christelijke Conferentie, gehouden te Worcester, op 18 en 19 April 1860, Kaapstad, VAN DE SANDT, 1860 p. 17—20 en PRELLER: *Voortrekkermense*.

<sup>3)</sup> Vgl. *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 29.

<sup>4)</sup> BARROW: *Travels in Africa* Vol. I p. 83 en PERCIVAL: *The Cape of Good Hope* p. 274.

<sup>5)</sup> Report Educ. Com. 1863. *App.* V. No. 19.

<sup>6)</sup> *Ned. Z.A. Tijd.* 1835 p. 10.

vernaamste penniste afhankelik wees van die Hollandse skrywers wat nie onder hul gebore is nie, maar hul lot met hul ingewerp het.

Die verste wat hul dit self kon gebring het, was om 'n enkele keer 'n brief op te stel en dan het die „geleerdste” onder hulle nog altyd ekskuus gemaak vir die foute.

Nadat die Republiek van Natal geannekseer is, is A. C. STUCKI in Desember 1846 op versoek van die kommisaris CLOETE en op inisiatief van LINDLEY, wat die volle beskerming van CLOETE en die sekretaris van die Volksraad, BODENSTEIN, geniet het,<sup>1)</sup> deur die goewerneur Sir HENRY POTTINGER as predikant op Pietermaritzburg benoem. STUCKI wat 'n paar maande van te vore uit Holland in die Kaap-Kolonie aangekom het, sou LINDLEY vervang want die se hart was tog uit die aard van die saak meer by sy Instituut<sup>2)</sup> vir die inboorlinge dan by die „Uitgewekenen”. Maar STUCKI is op weg van Kaapstad na Natal op see gestorwe en sy vrou het alleen by die Voortrekkers aangekom. Roerend in sy eenvoud van styl en diepte van meegevoel is die kondoleansie brief van Generaal ANDRIES PRETORIUS aan haar gerig, gedateer *Welverdiend*, Den 21 Feb. 1847.<sup>3)</sup> Hy vertel hoe hul „een see van Rampen en en Elenden hier in desen woestijn hebben moeten ondergaan,” hoe hul verlang het om „een Leeraar in ons Eijgen Moeder taal” te hoor, te meer „daar wij nog den onuijdblus baaren hollandsche bloet in ons aderen geduurig ontwaren.”

As hierdie groot Voortrekker-kommandant praat van „den man der weduwe en vader der wesen die ook ter sijner tijd voor sijne schepsels sullen sorgen die nu als verloorene en ver Doolde schaapen op den bergen Dwaalden met Duijsenden

---

<sup>1)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 243 en BIRD: *Annals of Natal*, Vol. II, p. 199—201.

<sup>2)</sup> Op 5 Aug. 1840 het die Volksraad hom en nog twee Amerikaanse here toegestaan om 'n reis na Umpanda te onderneem en daar 'n instituut op te rig, maar die grond sou in besit van die Natalse goewerment bly en nie soos LINDLEY versoek het, aan die Amerikaanse Sendinggenootskap toegeken word nie. Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 58, 81.

<sup>3)</sup> Afgedruk ENGELBRECHT: *Gesch. Ned. Herv. Kerk I*, bylage I.

van ongedoopte kinderen”, is die vergelyking so treffend, die gevoel so suiwer, dat die ou Bybelse beeldspraak uit sy pen ’n nuwe oorspronklikheid kry, weer nuwe lewe ingeblaas word. In sy nederigheid en beskeidenheid is hy hom heeltemal bewus dat hy na die vorm nie die beste Hollands skryf nie en voeg dan in ’n naskrif by:

„ik hoop gij sult mijne fouten over sien en niet uijd het oog verliesen dat ik maar een ongeleerde Afrikaansche Boer waart”.

Sy taal en styl steek nog gunstig af by die van ander „ongeleerde Afrikaansche” boere soos SAREL CELLIERS of MARTHINUS JACOBUS OOSTHUIZEN, wat in sy lewendige beskrywing van die slag van Etaleni en die dood van PIET UIJS, ook ewe beskeie in ’n naskrif versoek „kijk niet na de fouten.”<sup>1)</sup> Die Wed. STUCKI sou dadelik ondervind dat die Emigrante die Hollandse taal nog veel „foutiewer” praat dan hul dit geskrywe het. Van haar reis na en ondervindinge aan die Kaap en in Natal het sy ’n beskrywing in briefvorm, die populêre vorm van haar tyd ook onder die Voortrekkers, gegee: *Reis naar en verblijf aan de Kaap en Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847, in brieven (met portret, levensbericht en een tweetal preken van den overledene)* 1849.<sup>2)</sup> Interessant is wat sy vertel van die taaltoestande in Natal. Die Duits geördende Amerikaanse sendeling LINDLEY, nou ook predikant van die Hollandse kerk, was wel in Holland gewees „maar hij sprak die taal, gelijk dáár de meesten, zeer slecht. Zij konden ons niet gemakkelijk verstaan, wij hen ook niet.” So sterk is sy onder die indruk van die „gebroke” Hollands wat hier gebesig word, dat sy daar herhaaldelik op terug kom: „De Hollandsche taal wordt hier slecht gesproken door den Afrikaan. Daardoor spreekt de Engelschman het nog veel slechter: want hij heeft een inwendige afkeer van het Hottentotsch Hollandsch gelijk zij

---

<sup>1)</sup> Aanhangsel in C. H. W. v. D. POST: *Piet Uys* en PRELLER: *Voortrekkermense* III, p. 129—132.

<sup>2)</sup> Kampen, by K. VAN HULST, 1849.

het noemen." <sup>1)</sup> Die skeldnaam „hotnostaal" vir Afrikaans word dus al vroeg in die neëntiende eeu gebruik, waardeur 'n sterk gevoel van minderwaardigheid by die Afrikaner opgewek en die vreemdeling in die oortuiging gesterk is, dat dit benede sy waardigheid is om die landstaal aan te leer. Die Trekkers anderkant sowel as deeskant die Drakensberge, wat enigsins behoorlik Hollands kon skrywe, was op 'n minimum beperk, maar nog minder het hul suiwer Afrikaans geskrywe. Die gees van hul werk, en daar kom dit op aan, is onvervals Afrikaans, sonder die minste allooi. Hul was te ver weg om in dieselfde mate deur die geestelike swaard, waarteen die Kaapnaar moes worstel, verower te word.

---

<sup>1)</sup> Wed. Стучки: *Reis naar etc.*, p. 96, 99.

## HOOFSTUK IX.

### DIE OPKOMS VAN DIE HOLLANDSE JOERNALISTIEK.

---

#### 1. EERSTE KAAPSE DRUKKE EN DRUKKERS.

Dit was MEENT BORCHERDS, een van die vroegste uitgewers by die Kaapse pers, wat 'n hoofstuk uit die *Beschrijving van Stellenbosch* afsluit met die woorde: „Hartelijk verheug ik mij, den dag te hebben mogen beleven, dat ook hier eene drukpers bestaat.”<sup>1)</sup> Vir hom sou die argief voortaan en nie die reisigers, soos tot op daardie tydstip, 'n betroubare beeld van die Afrikaanse karakter gee en die pers sou die verspreiding van die juiste toeloop van sake en van daardie karakter moontlik maak. Dat de Suidafrikaanse pers nie altyd aan die ideaal van een van sy oudste uitgewers beantwoord het nie, hoef geen betoog nie, maar dit het meer bygedra tot die bloei van die Hollandse geskifte dan watter instelling ook al. Onder die Oos-Indiese Kompanjie moes alle Dagverhale, briewe, instruksies, attestasies, wette, proklamasies ens. met die pen geskrywe word, die enkele Kaapse geskrif wat tot aan die end van die 18de eeu die lig gesien het, is in Holland gedruk, en 'n Kaapse *Naamboek van de Wel-Edele Heeren der Hooge Indiasche Regeering 1771—2* het in 1793 in Batavia verskyn.<sup>2)</sup>

Onder die eerste Engelse inbesitneming, word 'n klein hand-

---

<sup>1)</sup> *Ned Z.A. Tijds.* Deel II, p. 341.

<sup>2)</sup> Oor die pers vgl. A. C. G. LLOYD: *The Birth of Printing in South Africa* (reprinted from *The Library*, Jan. 1914.) F. C. L. BOSMAN: *Uit die Gesch. van Almanakke in S.A.*, Kerkjaarboek 1931. F. C. L. BOSMAN: *Hollandse Joernalistiek in S.A.* p. 10. I. COLVIN: *Introduction, Mendelssohn's South African Bibliography.*

drukpersie ingevoer en die oudste almanakke gedruk, 1795—'97, die werk van JOHAN CHRISTIAAN RITTER, 'n Duitser afkomstig uit Beyreuth, wat reeds in 1784 as boekbinder in diens van die Oos-Indiese Kompanjie getree het. Op sy persie is waarskynlik eers strooibiljette en advertensies gedruk, voor hy oorgegaan het tot die samestelling van sy almanakke. JOHN BARROW wat as privaat sekretaris van die eerste Engelse goewerneur Lord MACARTNEY in Mei 1797 in die Kaap aankom,<sup>1)</sup> gee die almanakmaker 'n steek op die gewone manier van die man by wie nou eenmaal 'n simpatieke kyk op Afrikaanse sake ontbreek het: „No printing press has yet found its way to the Cape of Good Hope, except a small one for cards or hand-bills. They contrive indeed to publish a sort of Almanac, but that of the current year has somewhat suffered in its reputation by having stated an eclipse of the moon to fall on the day preceding the full, and to be invisible, when unluckily for the Almanac-maker, it happened at its proper time, visible and nearly total.”<sup>2)</sup>

Veel vriendeliker en sagter glimlag Lady ANNE BARNARD in haar brief van 1 Junie 1800 aan HENRY DUNDAS oor die verskyning van „an almanac in the Dutch time”; die drukker het 'n fortuin van twee shillings gemaak daar „each of the four districts took one at sixpence, all the inhabitants read or copied out of that one”.<sup>3)</sup> Van die *Almanack voort jaar 1796* is daar 'n fragment bewaar gebly, asook 'n tweektalige militêre proklamasie van 26 Februarie 1799 onderteken deur Generaal DUNDAS, wat op RITTER se handpersie gedruk is.<sup>4)</sup>

Teen die end van 1799 word 'n drukpers ingevoer<sup>5)</sup> en op 21 Julie 1800 aan WALKER en ROBERTSON van goewerments weë verlof gegee om te druk. Op 18 Augustus 1800

---

<sup>1)</sup> Hy is met ANNA MARIA TRUTER getroud, maar het Suid-Afrika nie sy tuiste gemaak nie, is in 1803 by die teruggawe van die Kaap na Engeland terug.

<sup>2)</sup> Aangehaal uit COLVIN: *Introduction* p. LXIV.

<sup>3)</sup> Lady ANNE BARNARD: *South Africa a Century Ago*, p. 304 (4de druk.)

<sup>4)</sup> In die Openbare Biblioteek en Staatsargief Kaapstad, respektiewelik.

<sup>5)</sup> BORCHERDS: *Memoir* p. 172.



verskyn die eerste staatsblad, *The Cape Town Gazette and African Advertiser. Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter*, waarin nie alleen proklamasies en afkondiginge sou geskied nie, maar ook allerlei nuusberiggies en advertensies geplaas word. Van die nuusberiggies sou nie veel tereg kom nie.

WALKER en ROBERTSON was welvarende Engelse handelaars, wat die drukkers as 'n byverdienste, 'n handelonderneming beskou het, wat begryplikerwyse nie na die sin van die goewernement was nie. Twee maande later, 10 Oktober 1800, maak die regering hul voorneme by proklamasie bekend om die drukkers te koop. Heel waarskynlik is dit nie dadelik na die koop van Pleinstraat na die Kasteel vervoer nie, daar die *Troostelijk gesprek tusschen de Here Jesus en de moedeloze ziel* van 1801, nog in no. 35, Pleinstraat gedruk is, hoewel „ter Drukkerij van het Gouvernement”.<sup>1)</sup> Van toe af word die „gazette” en alle drukwerk, vir meer as twintig jaar lang, op die goewernementsdrukkery gedruk, waar in-tekening kon geskied en bekendmaking aangeneem is. Hier het MEENT BORCHERDS van sy literêre proewe gebring, hier is *De Afrikaansche Staats Almanak voor het jaar, MDCCCII*, 'n tweetalige kalender, onder approbasie van die goewernement saamgestel deur H. H. SMITH, uitgegee, en van hieruit is die wette van die *Maatschappij tot Nut van het Algemeen* in 1803 versprei.<sup>2)</sup>

Onder die Bataafse bewind het *The Cape Town Gazette* alleen *Kaapsche Courant* geheet, 'n naam waaronder dit populêr geword het in die buiteland. Dit is in die jare alleen in Hollands uitgegee en bevat hoofsaaklik markberigte, slawe-verkopings, geboortes en sterfgevallen waarin die boere en ook die stedelinge die meeste belang gestel het. Tydens die eerste Engelse besetting, het die nuusberiggies so goed as uitsluitend oor die Napoleontiese oorloë gegaan en word 'n prominente plek aan die suksesse van Engeland gegee. Tydens die Bataafse

<sup>1)</sup> My dank aan die Openbare Biblioteek, Kimberley vir toesending van fotografieë van hierdie titelblad en van *De Afrikaansche Staats-Almanak voor het jaar MDCCCII*.

<sup>2)</sup> Vir 'n lys van die vroegste gedrukte stukke vgl. A. C. G. LLOYD: *The Birth of Printing* p. 6.

Republiek vind die omgekeerde plaas. Dan gaan die nuusberiggies oor wat in Nederland plaasvind, van uit Bataafse standpunt gesien. Daar kom ook 'n digterlike ontboeseming in voor, 8 Desember 1804, oor 'n ramp wat die „moederland” zo fel geteisterd” het, dat die hulp ingeroep word van die „Edele Zuid-Africaanen”. Die direkteur van die Goevernementsdrukkery, R. DE KLERK DIBBETZ, bedank 'n weduwe vir geld wat ingekom het op „een Inschrijving ter ondersteuning der door Oorlog ongelukkig gewordene Bewooners der Zeekusten van de Republiek”. By 'n milde gif van tien riksdalers het hy ook ontvang „het volgend ter zaake zeer toepassend daarby gevoegd Vers, alleen ondertekend met de letter D”.

Komt, Edele Zuid-Africaanen!  
 Komt, toont uw' edelmoedigheid,  
 Helpt ook het lot van hun verlichten,  
 Wier bitt're nood om bijstand schreit....

Het Moederland zo fel geteisterd,  
 Door bange Krijg, bij keer op keer,  
 Vindt onder Africa's banieren,  
 Gewis haar eigen kind'ren weêr!

En zoudt gij in den roem niet deelen,  
 Van uwe Broeders bij te staan,  
 Die, zo nabij 't Toneel des Oorlogs,  
 Gebukt voor deszelfs rampen gaan?

Moet niet uw hart van weêdom kloppen,  
 Wen gij hun nood — hun traanen ziet,  
 En zoudt gij hun uw bijstand weigeren? —  
 Bij God! — die schande duldt gij niet!

Komt dan, grootmoedige Africaanen!  
 Komt toont uw edelmoedigheid —  
 Helpt met ons 't lot van hun verlichten,  
 Wier bitt're nood om bystand schreit. <sup>1)</sup> —

Al vroeg dus word die kuns, of die kunsvaardigheid, in diens van die weldadigheid gestel en die drukpers dien as propaganda-middel en as uitgewery vir oorspronklike verskuns. Maar

<sup>1)</sup> *Kaapsche Courant*, 8 Dec. 1804.

na die tweede oorgang van die Kaap, het Lord CHARLES SOMERSET, gedrewe deur sy verengelsingspolitiek, dit spoedig onmoontlik gemaak dat die *Kaapsche Courant* ooit as orgaan vir die „opkomende letterbloei” sou kon ontwikkel. Vanaf 7 Julie 1826 heet die blad alleen *The Cape of Good Hope Government Gazette*, die inhoud bestaan feitlik net uit proklamasies, van die soort, wat bedoel is om die Hollandse kultuur te versmoor, en die taal is byna uitsluitend Engels. Dit het ten gevolge gehad, dat daar koerante in die ware sin van die woord opgekom het soos die *South African Commercial Advertiser* in 1824 van GREIG, PRINGLE en FAIRBAIRN, wat kort daarop lelik met die goewerneur gebots het. In hulle voetspore, volg ’n Hollandse weekblad, *De Verzamelaar* (The Gleaner) van J. SUASSO DE LIMA, in Januarie 1826, waarin „loutere waarheidsliefde, onderwys en nut” sou nagestrewre word, die letterbloei bevorder en Godgeleerde en staatkundige sake volgens die wens van die goewerneur, buiten beskouwing gelaat word.

2. J. SUASSO DE LIMA, 'N KAAPSE DIGTER, VERTALER EN SKOOLMEESTER.

In die eerste helfte van die neëntiende eeu het daar twee eienaardige, veelsydige, steeds met-mekaar-en-iedereen-rusiemakende talente in Kaapstad geleef, J. SUASSO DE LIMA en CHARLES ETIENNE BONIFACE. Die een was van Portugees-joodse, die ander van Franse afkoms maar elkeen het op sy eie, vreemde, dikwels onverkwikkelike manier bygedra tot die Hollandse joernalistiek, drama en digkuns in Suid-Afrika toe die Kaapse pers nog sy „wiegedrukke” aan uitgee was. SUASSO DE LIMA,<sup>1)</sup> die kreupele Israeliet het gesorg, dat hy in die guns van die goewerneur gebly het, het gedurig sy hand teen iedereen gekeer, maar hy was tog ’n groot versterking vir die Hollandse element, toe die groot ongelyke stryd tussen die twee vernaamste rasse in alle erns begin het. Hy is gebore uit ’n Amsterdamse Portugees-Joodse familie in 1797, het daar tot die Kristendom oorgegaan en lid van die Hervormde kerk geword. Na voltooiing van sy studie in die

<sup>1)</sup> Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Drama en Toneel*, p. 257—261.

regsgeleerdheid, het hy 'n tydlang sy beroep in Amsterdam uitgeoefen en is kort na sy huwelik na Batawië, waar hy „in dienst van den geliefden en dierbaren Koning der Nederlanden” iets meer dan 'n jaar werksaam was, toe hy geskors word op grond van geknoei met dokumente en papiere, waarvoor hy verantwoordelik gestel was. In 1818 kom hy en sy vrou in die Kaap aan waar hy deur die goewerneur toegelaat word as „beëdigd translateur”. Die vertaler het 'n uitgebreide talekennis besit en bied sy dienste aan, in die *Kaapsche Courant*, 8 Augustus 1818, tot vertaling uit die „Hebreeuwsche, Grieksche, Latijnse, Arabische, Maleische, Chineesche, Malabaarsche en andere oostersche talen, zoo ook in het Fransch, Spaansch, Hoog- en Nederduitsch”. Met sy pen sou hy dus in sy onderhoud voorsien, 'n toekoms wat hom aanloklik gelyk het daar hy van letterkundige werk in Amsterdam reeds enige ondervinding gehad het. Daar was hy lid van „verscheide letterkundige kringen zoo te Amsterdam als elders”, en daar het reeds drie naamlose werkies van hom tot stand gekom. Verder het hy in 1814 en 1815 „geschiedenissen” en ook „werken van smaak” vertaal, wat alles 'n goeie ontvangs te beurt geval het.

Nou sou hy aan die Kaap hierdie letterkundige werk voortsit. Hy kondig in die *Kaapsche Courant* aan, dat daar van hom *De Grootte Dichters, Ongelukkig Leesboek* na die Frans sal verskyn en dit sal 'n voorrede bevat oor „t Voortreffelijke der Dichtkunst”.<sup>1)</sup> In hierdie voorrede kon hy van ondervinding praat, want hy was toe juis besig om hom opnuut aan die digkuns te wy, daar sy Kaapse werksaamhede hom meer tyd gelaat het vir oefeninge „in de fraaije letteren, en wel voornamelijk in de Poëzij”, dan destyds in Indië.<sup>2)</sup> Sy eersteling 'n bundel *Gedichten* „in uren van uitspanning te zamen gebragt” opgedra aan Mr. J. A. TRUTER, die toenmalige hoofregter, verskyn in 1821 in Amsterdam.<sup>3)</sup> Deemoedig en beskeie, nie altyd so bedoel nie, vra hy verskoning „voor de klanken mijner lier”. Hy is 'n groot bewonderaar van BILDERDIJK, kies 'n aanhaling uit HELMERS tot spreuk „het pogen zelfs is grootsch

<sup>1)</sup> *Kaapsche Courant*, 28 Nov. 1818.

<sup>2)</sup> Voorbericht tot SUASSO DE LIMA: *Gedichten* p. IV.

<sup>3)</sup> By NICOLAAS COTRAY, 1821.

in 't worstelperk der eer". Maar DE LIMA is 'n leerling uit die skool van die 18de eeuse diggenootskap *Nihil volentibus Arduum*, „'t pogen naar de kunst" is vir hom „nimmer te verwerpen" en sy werk moet dan ook na die norme van 18de eeuse kunsbegrippe gemeet word. Die bundel open met 'n soort van Rijksmuseum, kultuurgeschiedenis op rym, *Heldenroem van Nederland* waarvoor *De Hollandsche Natie* van HELMERS miskien tot voorbeeld gedien het. Met „flauwe stem" en „zwakke schalmen" wy hy sy „jonge palmen" aan die helde uit die worsteltydperk van Nederland o.a. aan Prins WILLEM, wat die redding bewerkstellig het uit die „woeste klaauw en dwangjuk" van ALVA, aan „grootte KENAU naam" die Haarlemse „Pallas-dochter", en aan MAGDALENA MOENS en VAN DER WERF wat „in rampen troost" gegee het aan die Leidse burglary. Die ontset van Leiden bring die digter op die gedagte van die stigting van die Universiteit en dan gaan hy die skrywers van „werken van vernuft, en wetenschap en smaak" besing. BOERHAVEN „die herstellingskunst, de wet heeft voorgeschreven" en HUIG DE GROOT „van 't slot van Loevenstein" word voorop gestel. Daarop volg die roem van die 17de eeuse „waterleeuwen", TROMP, DE RUYTER, PIET HEIN en 'n hele skaar van mindere gode, tot hy by die ry van Nederlandse digters kom. Hier voel die digter SUASSO DE LIMA, skrywer oor „'t voortreflijke der dichtkunst", hom volkome tuis, hier loop sy gedagtes vlug en vlot. Tipies agtiende eeus is sy literatuurgeskiedbeskouing; VONDEL is die „dichtren Vorst", maar onmiddellik naas hom kom HOOGVLIET, die eenmaal gevierde digter van *Abraham de Aartsvader* te staan, en Poot,

„hij die eenmaal zaaide en maaide 's aardrijks schoot,  
Werd naderhand Poëet, o goddelijke Poot!"

CATS, LANGENDYK en HOOFT word in een asem genoem as skrywers wat sy „leerlustbrein verlicht", oor HUYGENS swyg hy heeltemal. Dan volg die hele skaar van letterkundiges van wie die styl so gelief en bewonder in hul eie tyd was, so dikwels aangehaal of nagevolg is in Suid-Afrika, „de taal van KINKER, LOOTS, van TOLLENS en van CRAS, van BOSSCHA, die een

licht van Letterkunde was", „de groote FEITH", NOMSZ en HELMERS. Veral laasgenoemde twee laat sy digtersgeesdrif ontvonk; hul was die lieflingsauteurs van sy jeug, hul taal was vir hom 'n voorbeeld en die inhoud veral van *De Hollandsche Natie* van Helmers vir hom 'n inspirasie:

„Wat pracht bezielt uw taal wat zoete melody!  
 Zoetvloeyendheid en smaak deedt gij te zamen paren;  
 Verzeld van geestdrift, vuur, en weêrklank in uw snaren,  
 Vol van verbeeldingskracht, bezongt gij de oude vlijt,  
 Van uwen Landgenoot zoo ook zijn nijverheid.”

Die agtiende eeu sluit hy af met VAN DER GOES, BELLAMY, WILLINK, ROTGANS, MOENS en VAN WINTER. Hy voel hom te klein en nietig om die hoë gees van „de groote BILDERDIJK” en sy leerling DA COSTA „die sinds kort betrad der dicht'ren baan”, na verdienste te roem en bepaal hom dan maar ten slotte by die taalgeleerdes veral by SIEGENBEEK en WEILAND:

„Uw grootsch vernuft blonk uit, door Neêrlands taal te  
 ontleden,  
 Een nieuwe spelling vond haar' grond op kunst en reden,  
 En is 't dat de oude stijl het jeugdig oor niet vleit,  
 Zoo veel te meer gevoelt het uw zoetvloeyendheid.”

DE LIMA het sy stadgenote 'n beknopte vaderlandse geskiedenis op rym gegee met hierdie *Heldenroem*, 'n vers wat hul van pas kon gekom het by die keuse van hul leesstof, maar wat hul ook in hul trots op en gehegtheid aan die stamland gesterk het, want in die twintiger jare van die vorige eeu het hy hom by 'n bevolking gevoeg wat anti-Engels was, wat hom Hollands gevoel het, „wier hart vreemd aan desselfs tegenwoordige meester is”.<sup>1)</sup>

Hierdie gehegtheid het hy nog verder versterk met die reeks *Verzen, uit het hart gevloeid, bij het beschouwen der afbeeldsels van de dierbare Koninklijke Familie der Nedertanden*. In kort, sesreëlige rympies word die hele Koninklike Familie

---

<sup>1)</sup> M. D. TEENSTRA: *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, sesde brief. Groningen, 1830.

besing tot op „Wijlen Z.M. Moeder” en „Wijlen Z.M. Zuster”. Vir ’n moderne demokratiese oor klink die rympies te onderdanig en kruiperig, maar hul is tipies van hul tyd en het daarby ’n besondere betekenis vir die vir Nederland verloregegane volksplanting gehad.

Tog is de belangrikste gedigte die waarin die stof aan die Afrikaanse lewe ontleen is. *De Kaapstad* word in vier sange besing, ’n gedig wat aan die *Eerekroon* van ’n ouer digter, JAN DE MARRE, herinner. DE LIMA het dit self „een platte beschrijving doch geene historisch noch aardrijkskundig geschiedenis”<sup>1)</sup> genoem, wat hy die Kapenaars aangebied het uit agting en erkenenis. Hul gasvryheid en vriendskap vorm die grondslae van hierdie vier sange. Die eerste vang aan met ’n landskapsskildering:

„Alles ademt frisch. De mirre is in den bloei,  
De trotsche Populier staat in zijn’ vollen groei.  
Het prachtig berggevaart’ omzooft deze vallei,  
En veilig is de reë in ’t nad’rend jaargetij.”

Bo in ’n onbewolkte hemel draai tallose voëls rond, allerlei verskeurende diere bevolk die aarde en

„Groot is het schapenras naar zijn gewonen aard,  
En de bijzonderheid, bestaat slechts in den staart.”

Dit is voorwaar geen grootse digterlike siening nie! Die Natuur word aangeriep as ’n beeld van die alvoorsienigheid so heeltemal in die trant van die 18de eeue, maar daar skemer tog werklike bewondering in deur vir die mooie ligging van „deez’ Kaapsche uithoeksstad” waar VAN RIEBEECK sy setel gehad het. In die Kasteel wat „veel onderging sinds toen”, waar vroeër die Indiese Raad beraadslaag het, tot „heil van volk en staat”, hou nou die hoofkwartier van die Britse leër wag.

In die tweede sang word die algemene feesviering by die hoeksteenlegging van ’n groot handelshuis besing.<sup>2)</sup> Die goewerneur het die plegtigheid waargeneem en dit het daar

<sup>1)</sup> Voorbericht tot *Gedichten*.

<sup>2)</sup> Vgl. *Kaapsche Courant*, Sept. 1819.

alles Engels toegegaan. „God save the King”, „Roast Beef of England” en „Brittania’s Rule”

is daar „met sierlikheid gespeeld,  
welks toonen door hun fraai, ’t gehoor van ieder streelt.”

Met die oog op die voorafgaande loftuitinge op die Nederlandse Koninklike familie, val dit die leser moeilik om geen ironie in hierdie sang te lees nie, maar DE LIMA wou in die guns van die goewerneur bly, wat by sy joernalistieke arbeid ’n noodsaaklike vereiste geblyk het. Hy vergoed sy kniebuiging aan die grote here deur in die derde sang eg en suiwer ’n toneeltjie uit die Kaapse boerelewe aan te voel. Hy laat ons die Kaapse Groenteplein sien, waar dit leef en woel van die vroeë môre af as die boer markt toe aangery kom,

„Met zynen wagen, kar, gepropt zoo veel hij kan:  
Een hottentot of slaaf loopt vóór deszelfs gespan,  
Bestaande in ossen-paar van zeven, zes of vijf,  
Zoo brengt de Landman aan, tot stedelings gerijf  
Zijn boter, vruchten, garst, en vederen en vet,  
En pluimvee, koren, wijn, en waar men smaak na zet.”  
Het plein voorts, waar ’t al woelt, vol leven en gedruisch  
Pronkt met een groot gebouw, genaamd: komediehuis.”

Met hierdie skouburg het hy dikwels kennis gemaak, eers as vriend later as vyand, en ook maar al te dikwels met

„’t Kantoor van smart,  
Ik meen van het bestier van boedels die verward  
Of zoo wat aan den hol- of bolder zijn geraakt.”

Die stadsbeskrywing word afgesluit in ’n vierde sang. Ons hoor van die pragtige Laan, ’n erfenis uit die tyd van Jan Companjie, van die „grootte diergaarde” aan die end daarvan, van die Mohamedaansche kerkhof bo op die heuwel, van die siekehuis, die apteek, die galg — niks word oorgeslaan nie. ’n Duideliker beeld van Kaapstad, aan die begin van die neëntiende eeu, is haas nie te vind nie en die toon van die sanger is een en al waardering en bewondering vir wat reeds



tot stand gebring is aan die voet van Tafelberg „om zijne kruin vermaard.”

Hierop volg 'n vertaling van 'n Frans-klassistiese stuk, op die reis na Batawië in 1817 deur hom vervaardig, *De Bulkverzorging of de landbewoner aan tafel* waarin 'n beskrywing gegee word van „de ed'le keuken” by die Grieke en die Romeine. Dan weer 'n rubriek *Vaderlandsche Zangen* bestaande uit 'n tiental geleentheidsverse op die verjaardae of dood van diverse Nederlandse Koninklike Hooghede. Byna aandoenlik klink sy verjaarsdaggroet uit Kaapstad aan die Nederlandse Koning:

„Ook in het land waar leeuwen teelen,  
 Waar tijgers woën, waar 't schuimend nat  
 Den dolfijn met zijn vocht gespat,  
 Ook daar moet men de vreugde deelen  
 O Vorst! bij uw' verjaringsdag;  
 Hoezeer niet onder uwe vlag.”

DE LIMA het by alle geboorte, huwelike of dood van die Oranjes hom genoop gevoel om die lier te tokkel, en hy word later die Kaapse geleentheidsdigter by uitnemendheid, Ons mag hierdie verse glimlaggend, selfs skouerophalend oorslaan, maar hul het hul betekenis gehad, hul het eenmaal die hart van die Kapenaar ontroer.

Op die lang gedig *De Overstroming* oor die ramp, wat in 1820 die „lage landen bider zee” getref het, volg sowat 'n dertigtal *Mengeldichten en Geleentheidsverzen*, waarvan enkele vertalinge of bewerkinge na die Frans of Hoogduits, maar die meeste oorspronklike beryminge op gedenkdae van vriende en familieledes is. Die *Welkomsgroet aan de Afrikanen gewijd, welke gezegevierd hebben op de benden der oproerige Kafferen* verdien vermelding. Vir LINDE „die met glans bestierde de Afrikaansche burgerij”, vir „BOTH, MULDER en VAN REENEN — alle dappere officieren” word louefkranse geveg en die heldemoed besing, wat LYNX in ballingskap verjaag het. Van hierdie geveg teen LYNX, waarin VAN REENEN 'n nie onbelangrike rol gespeel het nie, het hy later uitvoeriger

prosabeskrywing in sy geskiedenisboekie gegee. <sup>1)</sup> Hier is dit hom slegs om 'n kort welkomswoord te doen.

In die geleentheidsverse is voorbeelde van afgesaagde, agtiende eeuse digterlike taal, van „laurieren vlechten”, „vreugde galmen” en „tranen plengen” in oorfloed te vind, tog werp die huislike, konvensionele verse dikwels 'n besondere lig op die teer kant van die gemoed van 'n ongemaklike, vreemde man. Die elegië op die dood van 'n dogtertjie asook *Ter eerste verjaring van mijn geliefd en eenigst Dochtertje* is heeltemal in die trant en volgens die maat van die kleingediggies o.a. *Kinderlijk* van VONDEL:

„Klein lief Antje,  
Dierbaar pandje,  
Deugden zijn meer waard dan goud.”

In 'n vers *Op het graf mijner Dochter* hoor ons die verlange na verlore geluk, maar eenvoudig treffend, met stille berusting het die jong paar afskeid geneem van die „verblijfplaats van de dooden” by hul vertrek uit Batawie. Jare later sou hy weer 'n lykdiggie skrywe, *Scheiding*, by die verlies van 'n kind maar daaruit spreek die gebrokenheid van 'n ou man, wat 'n lewe vol kommer en verdriet agter hom het:

„Mijn George, moet ik van u scheiden?  
O neen, ik zal weldra bij u zijn;  
Ik ken niet meer het woord verblijden”  
In 's levens rampwoestijn.” <sup>2)</sup>

Sy rampe en teenspoed het verdubbel toe hy sy medewerking gegee het aan die toneelbedrywigheid van 'n „Native of Ftance” met wie hy, die uitgesproke verteenwoordiger van die Hollandse groep, noodwendig moes bots. Selfs as DE LIMA 'n Franse modewerk, die sentimentele roman *Raymond* <sup>3)</sup> uit 'n Hoogduitse periodiek in 1822 vertaal, en sy eie ontknoping byvoeg,

---

<sup>1)</sup> Vgl. J. SUASSO DE LIMA: *Gesch. van de Kaap de Goede Hoop* (1825), p. 56.

<sup>2)</sup> BOSMAN & DREYER: *Holl. Joernalistiek* p. 21.

<sup>3)</sup> By N. COTRAY, Amsterdam, 1822.

dan moet hy sy vurige verlange na sy geboorteland in die voorberig te kenne gee en terselfdertyd sy nuwe vaderland teen die uitlanders verdedig, wat na 'n vlugtige besoek die „gastvrije en geliefde” Kaapnaars as „onheusch en onbeschaafd” in hul reisbeskrywings gaan beklad. In die voetspore van MEENT BORCHERDS kom hy dus op teen die onhebbelikheid om sy stadgenote as harlekyne voor te stel.

Van sy vertaal- en skryfwerk kon DE LIMA nie lewe nie. In 1823 neem hy die taak op hom van skoolmeester aan die Evangeliese Lutherse Skool aan die Kaap. Die skoolmeester gaan nou 'n *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop* <sup>1)</sup> skrywe, in die vorm van vraag en antwoord. Ook in hierdie pionierswerkie gee hy 'n buitengewoon gunstige karakter-skets van die Afrikaner, wat hy gasvry, vlug van verstand, 'n liefhebber van musiek, van perde en die jag vind, maar by wie goeie leiding ontbreek. Een gevolg van daardie tekort aan leiers is dat die taal so agteruit gegaan het, „als wordende hier over het algemeen de Nederduitsche taal zeer slecht gesproken, dat meestdeels toe te schrijven is aan de slaven, aan welke de Kaapsche jeugd zoo zeer is toevertrouwd”. <sup>2)</sup> Later toe Dr. A. N. E. CHANGUION met wetenskaplike bewyse gekom het van hierdie „verbastering” van die taal, het hy soos 'n dolleman uitgevaar oor wat hy beskou het as „'n schandelijke aanranding” van die Kaapnaars. <sup>3)</sup> Hy is trots op die vermaarde persone wat hier gewerk het, soos dr. PERSOON die skrywer van Latynse mediesewerke, ds. FLECK skrywer van „fraaye leerredenen”, <sup>4)</sup> W. S. VAN RYNEVELD van die boekie oor die verbetering van die skaperas en ds. A. FAURE die redakteur van die pasopgerigte tydskrif, wat sy geskiedenisboekie so onbillik skerp gaan resenseer het <sup>5)</sup> by die verskyning in 1825.

<sup>1)</sup> By W. BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

<sup>2)</sup> Vgl. Les XX oor Taal en Karakter.

<sup>3)</sup> Sien vederop.

<sup>4)</sup> CHRISTIAAN FLECK: *Christus de Geliefde des Vaders*. Amst. 1818.  
Disselfde: *Leerredenen over verschillende Onderwerpen*.  
Amst. 1821.

<sup>5)</sup> Ned. Z. A. Tijds. Dl. II p. 438.

Van dieselfde jaar as sy aanstelling as skoolmeester, 1823, dateer sy kortstondige vriendskap en samewerking met CHARLES ETIENNE BONIFACE, 'n nog temperamentvoller, nog onewewigtiger talent, wat by hom aan huis gewoon het, van wie hy 'n franse blyspel in een bedryf, *L'Enragé*, vertaal onder die titel *De Dolzinnige, of De Gewaande Dolleman*. Die het hy in 1824 nog aan die pasopgerigte skool van sy vriend D. VAN REENEN by Rondebosch gehelp,<sup>1)</sup> maar sou hom tot die uiterste prikkel en terg in dieselfde jaar.

### 3. CHARLES ETIENNE BONIFACE, „THE CAPE DRAMATIST”, EN DE LIMA RAAK SLAAGS.

Hierdie seun van 'n Paryse gevangenisbewaarder wat Sir SYDNEY SMITH in 1793 uit die Tempel-gevangenis help ontsnap het, moes as gevolg van die daad van sy vader sy kinderjare in ballingskap deurbring.<sup>2)</sup> Op die Seychelle-eiland het hy sy eerste opvoeding van sy ouers ontvang en op vroeë leeftyd was hy reeds vyf Romaanse tale magtig en goed onderleg in die klassieke kuns en geskiedenis. Verder kon hy 'n pragtige hand skrywe, met die pen skets, die verfkwas hanteer en die Spaanse ghitaar speel. Dit was dus 'n kunstenaarstipe wat hom op ongeveer twintigjarige leeftyd in 1807 aan die Kaap kom vestig het.

Sy groot talekennis het die twee landstale Hollands en Engels egter uitgesluit maar BONIFACE het albei gou aangeleer. Voorlopig hou hy hom besig met die Franse toneel wat na 'n kwynende bestaan onder sy leiding skitterend opbloeit tot 1811, wanneer die Franse toneelgeselskap ontbind word. Hy skryf daar 'n blyspel in een bedryf voor *L'Enragé* in 1807, en voer stukke van RACINE, OUDINOT en Franse vertalinge van KOTZEBUE op. As die Franse toneel na vier jare weer in verval raak, soek hy in sy onderhoud te voorsien deur les

<sup>1)</sup> Sien p. 101 en vlg.

<sup>2)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan G. S. NIENABER: *Charles Etienne Boniface, Ons Vaderland*, Junie en Julie 1929. Ook aan BOSMAN: *Drama en Toneel*, p. 119—124.

te gee in Duits, Frans, Spaans, Portugees, Italiaans, Grieks, Latyn, die skermkuns en op die ghitaar. Hy word lid van die Hollandse toneelgeselskap wat in 1813 'n ballet-pantomiem van hom, *Het beleg en het nemen van Troyen*, op die verhoog bring en van 1815 af is hy 'n ywerige lid van die Hollandse geselskap wat onder die leuse „Honi soit qui mal y Pense” die Kaapse skouburgpubliek vermaak.<sup>1)</sup> Dit is veral die Franse ballet wat sy musiekliewende natuur gestreel het en as toneelleier was hy nooit gelukkiger as wanneer hy 'n groot verskeidenheid van musiek, danse, toneeldekore en kostumering kon gee nie. In sy *Groot-Ballet, Sapho* in drie bedrywe, in 1825 deur SCHONEGEVEL vertaal, het hy al hierdie vereistes van die opera met grootse opset verenig.

Maar die Hollandse toneel het begin kwyn. Alles waar BONIFACE sy hand aan geslaan het, het verdor en hy moes 'n ander uitkomst soek. DE LIMA, by wie hy miskien 'n tydjie assistent was, help hom aan 'n skooltjie op Rondebosch, 'n welkome byverdienste nie ver uit die stad nie sodat hy gemaklik heen en weer kon reis om sy toneelliefhebberij voort te sit. Maar dan begaan die „meester”, DE LIMA, die vergeeflike fout om hom sydelings te berispe oor die toneelvoorstellings nooit op tyd begin nie en gedurig uitgestel word, in 'n lang gedig *Ieder wordt teleurgesteld*, wat DE LIMA in die *South African Chronicle* geplaas het.<sup>2)</sup>

In die eerste veertien koeplette mymer DE LIMA oor allerlei teleurstellings in die lewe en die vrugteloosheid om daaroor te kere te gaan, maar die laaste koeplet is die skoen wat BONIFACE gepas het en wat hy met soveel woede aangetrek het. Die eerste en laaste koeplette van die vers lui:

„In alle tijden van het leven,  
Van blijdschap, kommer, vreugd, geweld,  
Met rijkdom en met pracht omgeven,  
Wordt men nogtans te leur gesteld.

---

<sup>1)</sup> Die toneelgeselskap heet in 1833 „Door ijver bloeit de Kunst”, van 1834—1838 „Vlijt en Kunst”, almal egte rederykersspreuke. Alle besonderhede te vind in BOSMAN: *Drama en Toneel* I.

<sup>2)</sup> *Chron.* 27 October 1824.

Ja, zelfs het schouwtooneel der zeden,  
 Waar in de tijd ras heenen snelt,  
 Wil men tot zijn vermaak betreden  
 Doch vindt zich ook te leur gesteld.

BONIFACE het nog in dieselfde aflewering sy onvergenoegheid te kenne gegee omdat die „Rijmer” alweer besig was om „op zijne veel te laag gestelde Lier te kratsen” en in die volgende aflewering van die blad, 3 November, het hy hom te lyf gegaan in ’n Franse spotvers *Rira Bien, Qui Rira le Dernier*. ’n Week later berig die redakteur van die *Chronicle* aan sy korrespondente:

„De storm die zich lang heeft zaamgepakt, is eindelijk los gebroken, en reeds merkelyk hebben er vijandelijkheden tusschen de Heeren BONIFACE en S. d. L. als vertegenwoordigers der Franschen en Hollanders plaats gehad. Wij versoeken echter als bemiddelaars te mogen optreden, en geven bij dezen kennis, dat wij ons Blad niet langer als een middel willen laten gebruik, om die vijandelijkheden te doen voortduren. Wanneer hunne bekendmakingen van een vredelievenden aard zijn, zullen wij daaraan gaarne een plaatsje inruimen, maar anders niet. De tempel van JANUS is derhalven gesloten.”<sup>1)</sup>

Die onbeheerste, wraaksugtige BONIFACE was heel waar-skyklik geen toonbeeld van ’n skoolmeester nie, dit kan ook wees dat VAN REENEN werklik agterstallig geraak het met die skoolgeld, hoe dit ook al sy, „affront” stuur ’n *Rekwest van een oud Paard aan zynen niet jongen Heer* by monde van die *Chronicle*, 18 Mei 1825, waarin hy om ontferming oor sy toestand sreek en „’n beetje haver voor van avond!” Hy is uitbestee by ’n vriend van sy „meester”, (VAN REENEN die groot perdeteler die vriend van DE LIMA) wat „geen paarden verstand of verstand van paarden heeft” en die gee hom geen voer nie omdat hy rusie met sy meester het.<sup>2)</sup> Die dood van ’n onskuldige perd kan tog niks verander nie „aan het ontwerp van twee harde menschenkoppen”.

<sup>1)</sup> *Chron.* 10 Nov. 1824.

<sup>2)</sup> BOSMAN: Drama en Toneel, p. 288 noot 4, het die verband tussen D. VAN REENEN, die groot perdeteler, en die *Rekwest van een oud Paard aan zynen niet jongen Heer* van BONIFACE nie raakgesien nie.

Dit het DE LIMA tot een van sy heftigste uitvalle geprikkel. *De Lijfheer van het Paard affront* <sup>1)</sup> antwoord in vier scheldverse onderteken „*Inimicus Ingratitudinis*” waarin hy BILDERDIJK na die kroon steek wat retoriek betref:

„Gij zijt een vuige hoop van alle lasteringen,  
Die zwadder en vergift door long en adern spreidt;  
Onteerster van den mensch, een ramp voor stervelingen,  
Gij pest der maatschappij, gij heet ondankbaarheid.”

BONIFACE het „laconique” geantwoord:

„*Affront* (een Paard) aan *Inimicus* (een ezel).  
*nemo me Impune lacesset*. Heb meer geduld.” <sup>2)</sup>

En hy het daarnaas 'n lys werke geplaas wat hy sogenaamd van plan was om binnekort uit te gee maar dit is niks anders as skimpskeute op sy vyand in 'n vorm wat in die 18de eeu, die eeu van die satire, vir die toppunt van geestigheid deur-gegaan het. 'n Paar daarvan sal volstaan, een wat sinspeel op die „rymmanie” van die kreupele digter, die ander op die perdegeskiedenis: „*Rymomania*, of het lezen der schoone gedichten van *Kreupele van den Hoek*, aan het publiek aanbevolen”, in prosa en *Eloge de la Fumée; L'assemblée Scandaleuse; Le Cheval et l'âne*, in poësie.

DE LIMA het hom nie 'n antwoord skuldig gebly nie en gee dadelik sy voornemens te kenne om ook ses stukke in die lig te gee <sup>3)</sup>, waarvan kan genoem word: *De noodlottige avanturier, of Don Quichot in de Vlakte*, 'n los ontwerp in rym en *De Man in vier gedaanten, Musicus, Acteur, Gaskonjer en Taalmeester*, 'n blyspel in een bedryf.

Die Don Quichot, BONIFACE, was uit sy Rondebosse skooltjie uit, maar hy het hom alles behalwe op die vlakte gevoel. Hy was besig om 'n ballet, 'n wraakspel, te skryf, *Limaçon de Dichter*, wat hy voor 'n groot gehoor opgevoer het die volgende maand. Ons kan ons voorstel hoe hy die uiterlike

<sup>1)</sup> *Chron.* 25 Mei 1825.

<sup>2)</sup> *Chron.* 8 Junie 1825. Niemand raak my ongestraf aan nie.

<sup>3)</sup> *Chron.* 15 Junie 1825.

voorkome en mank been van die digter DE LIMA uitgebuit het in 'n poging tot geestigheid. DE LIMA is dadelik gereed gereed met 'n *Zamenspraak tusschen Limaçon een Dichter en een Prozaisch Gaskonjer* (1825),<sup>1)</sup> waarin hy BONIFACE van weë sy ondankbaarheid aan die kaak stel. Die kry tog die laaste woord in 'n alleenspraak *De Twee Stakken of Limaçon, Sen. en Limaçon, Jun.* (1825)<sup>2)</sup>, venynige woordspeling op die naam van DE LIMA en persoonlike slegsêery van begin tot end. Albei stukke is persoonlike aanvalle, gedeeltelik dramaties na die vorm maar in die van DE LIMA sit 'n sekere oorspronklikheid wat ons by BONIFACE mis. Laasgenoemde deel self mee dat hy maar *De Intrigue aan het Venster* van KOTZEBUE omgewerk het; as hy sy teenstander werklik kras wou aanpak sou hy hom die moeite van 'n oorspronklike stuk getroos het!

Uit alles merk ons dat DE LIMA, ondanks sy eienaardige leefwyse, tog meer selfbeheersing besit het dan hierdie vegtersbaas wat met verwoede stote op sy teenstanders afstorm, en dat hy sy meerdere was as mens sowel as kunstenaar. DE LIMA skryf suiwer Hollands en sy eerste skimp is dan ook op die gebrekkige taal van die „native of France” waar hy hom probeer napaat:

„Ik zak u, Limaçon, in lank niet op straat — waar duivel  
zijt kij?”

Aanvanklik hou hy hom nog taamlik kalm oor die ondankbaarheid en lasterpraatjies van die „gaskonjer, snoeshaan, tooneelist, lasteraar” maar dan styg sy retoriek tot „valschaard, ondier” en vind 'n klimaks in die Bilderdijkse reël:

„Gij, pligt — en deugd — en vriend — en ligt ook God-  
verzaker!”

Ten slotte lag DE LIMA in geestelike meerderheidsbesef om hierdie „Don Quichot, een nar, ja een dier groote gekken”.

Die alleenspraak van BONIFACE, in prosa behalwe vir 'n

<sup>1)</sup> By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825. BOSMAN: *Drama en Toneel*, Bylae VII.

<sup>2)</sup> Kaapstad 1825. BOSMAN: *Drama en Toneel*, Bylae VIII.



paar toepaslike aanhalings daarteenoor is laag by die grond reeds in die opdrag, waarin 'n vergelyking van sy vyand by „een soort van stinkkolk alwaar zich de Vulnissen van de Stad versamelen”, voorkom. Om hom by 'n „Orang Oetang”, of „'n opgestopte Wit-baviaan”, in die stuk self te vergelyk, klink vriendelik hierby. Die prosasty van Boniface is vry lewendig, allitererende woordgebruik as „mager mank, mal en morsig” is goed geslaag, maar overigens gebruik hy, in die woorde van ABRAHAM BOGAERT, die „snater van een vis-wijf”.<sup>1)</sup> Konstruksies soos „om affaires in de stad gelokt zijnde”, „favorite huisgewaad”, verraai sy Franse afkoms, waarmee hy altyd so te koop geloop het.

#### 4. SUASSO DE LIMA WORD JOERNALIS. ANDER VERSE UIT DIE KOERANTE.

Die hele jaar 1825 het omgegaan met polemiekie wat in 1836 weer heftig opvlam en die saak is nooit tussen die twee bygelê nie. Maar hul hand was nie alleen teen mekaar nie, ook teen iedereen en iedereen was gevolglik teen hulle. In *Iets over het dansen en tooneelspelen, om tot antwoord te dienen aan Serieus*,<sup>2)</sup> is dit 'n korrespondent van die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, wat dit van die pen van DE LIMA moet ontgeld. Calvinisme en die opkomende Metodisme was geen vriende van toneel en toneelliteratuur nie, omdat hul van meening was, dat dit nie bevorderlik vir deugd en wysheid was nie. In die vorm van 'n brief skryf DE LIMA sy brosjure om hul van die teenoorgestelde te oortuig. Uit die Bybel, uit die klassieke dra hy bewyse aan, dat dans by die godsdiensoefeninge te pas gekom het. Uit talrike skrywers in Hollands, Engels en Latyn word aangehaal, waaruit nie alleen sy belesenheid en geleerdheid op die voorgrond kom nie, maar ook blyk, dat hy 'n duideliker begrip van die wese van die drama gehad het dan die „brave” korrespondent „Serieus”.

In dieselfde jaar, 1825, stoom die eerste stoomboot, die

<sup>1)</sup> Historische Reizen (1711) van W. A. VAN DER STEL gesê.

<sup>2)</sup> By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

„Enterprize” Tafelbaai binne en dit word die inspirasie vir DE LIMA om 'n geleentheidsvers te maak en 'n prosabeskrywing te gee van *Het stoomvaartuig*,<sup>1)</sup> gedeeltelik uit vername skrywers saamgestel.

Die verskuns het hy bly beoefen, en van die vrug van sy arbeid wat in 1840 onder die titel *Nieuwe Gedichten*<sup>2)</sup> gebundel is, na die redaktur van die *Chronicle* vir plaatsing in die rubriek „Poezij”, opgestuur.

Hierdie rubriek het satiriese verse in die trant van die 18de eeuers bevat, wat egter nie al te persoonlik mog wees nie, godsdienstige verse, lofsange, treurdigte, moraliserende verse. Oorspronklikheid of navolging is nooit met sekerheid vas te stel nie wat hierdie stukke betref.

Die redaktur, het Q. Q. hartelik bedank vir die eerste toegesonde Hollandse vers na sy tweetalige blad, *Qualitate Qua*, en sy voortdurende guns aangebied „vertrouwende dat ook andere zijner vrienden door zijn voorbeeld mogen worden aangespoord om de uitgaaf van dit weekblad zoo aangenaam mogelijk te maken”.<sup>3)</sup> Die beurtsang waarin vraag en antwoord vlug afwissel, 'n satiries-geestige vers met 'n pakkende slot kon uit die pen van DE LIMA gevloei het:

#### QUALITATE QUA.

'k Vroeg onlangs aan een Latinist,  
Met wien 'k in kennis sta,  
Of hij den zin en meening wist  
Van 't Qualitate Qua.

Houdt Gij mij voor zoo'n domme bloed,  
Dat ik dit niet versta?  
Al wat Gij voor een ander doet,  
Is Qualitate Qua.

Dat 's glad verkeerd; want stel ik kwam  
Uw geld-laa eens te na,  
Zou ik dan morgen zeggen: 'k deed  
Het Qualitate Qua?

. . . . . , . . . .

<sup>1)</sup> By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

<sup>2)</sup> Kaapstad, ter drukkerij van den dichter, 1840.

<sup>3)</sup> *Chron.* 18 Aug. 1824.

Men make dat de reek'ning sluit,  
 Eer *hier* het uurtje sla;  
 Want *daar* helpt geen ontschuldiging  
 Of Qualitate Qua.

Q. Q.

Die spotvers wat vry deursigtig en tog nie al te beledigend was nie, waarin 'n sekere lewenswysheid laggend verkondig word, is die mees gewilde koerante-poësie in die eerste tydperk van koerantewese in Suid-Afrika. As 'n Uitenhaagse heer sy onsekerheid oor die nasionaliteit van sy kind te kenne gee,<sup>1)</sup> kry hy tot antwoord:<sup>2)</sup>

„Een Uitenhaagsche heer in Afrika geboren,  
 Meldt dat zijn vrouw een kind bekwam;  
 Hij doet aan het publiek voorts hooren,  
 Uit welk een bloed het de oorsprong nam.

Wat vreemder vraag kwam ooit te voren,  
 Zijn vaders vader was een Schot,  
 Zijn moeder was Iersch-Duitsch geboren,  
 Zijn vader trof 't grootvaders lot.

Hij zelfs heeft hier het licht verkregen,  
 Dus een geboren Afrikaan;  
 (Waar is Iersch-Duitschland toch gelegen?  
 Ik zie het op geen kaarten staan.

Maar wat wil mij dat land toch raken,)  
 De vraag alleen is naar het bloed;  
 Ik zal maar vast het antwoord maken,  
 Een zeker antwoord kort en goed.

Al bleef 'k acht dagen praktizeeren,  
 En men mijn vers nog meer verlengt,  
 Zoo zou geen mensch toch wel beweren,  
 Dan dat het antwoord is „Vermengd”.”

In die land waar Hollanders, Engelse, Franse, Duitsers, Skotte en Iere hul steeds op hul lande van herkoms beroep het, was die vraag nie onvanpas nie, maar die „geboren Afrikaan” het nie veel verder met die oplossing van sy probleem met hierdie vers gekom nie. As die geestige teregwyding hom

<sup>1)</sup> *Chron.* 13 Oct. 1824.

<sup>2)</sup> *Chron.* 20 Oct. 1824.

nie aangestaan het nie, kon hy troos gevind het in *Mijne wenschen* <sup>1)</sup>, waarin om tevredenheid gesmeek word:

„'k Smeekte om geen rijkdom U, o God,  
Geen wufte grootheid hier beneden;  
Tevredenheid slechts met mijn lot,  
Heb ik van Uw gunst gebeden.”

In *Nota Bene* <sup>2)</sup> klink weer 'n toon van onrus en ligte spot, daar lê 'n taamlike verbitterde stemming in die slot:

„Alles is niet wat het schijnt;  
Zuivre deugd ligt ondermijnt;  
Hoop en uitzigt zijn als kaf; —  
Tegenspoed grimt alles aan;  
Maar de rust zal eens bestaan —  
Nota Bene! — in het graf!”

*Mijne Minnares — is mijne Sanggodes* <sup>3)</sup> 'n lofsang op musiek, en *Regt door Zee* <sup>4)</sup> 'n seemanslied is deur hul sangerigheid en frisheid en dawerende opgewektheid nie onverdienstelik nie. Daar teenoor staan moraliserend-didaktiese verse soos 's *Levens Kaartspel*, <sup>5)</sup> *Het Rad van Avontuur* <sup>6)</sup> waarvan die hele sedeles reeds uit die titel kan opgemaak word. Sentimente konwensionele verse bly ook nie agterweë nie, in die trant van FEITH en die Sentimentele skool van die 18de eeu. Ons hoor van *De Schoonste Bloem* die vriendskap, waarvoor 'n „tuiltje” gevleg word <sup>7)</sup> en by die dood van die gevierde „tranedigter” het DE LIMA 'n lykdig geplaas (1827), *Op den dood van Mr. Rijnvis Feith, oorleden te Overijssel*:

„Wij missen u ook — wij, aan 's aardrijks Zuiderpool,  
Gij, schitterend sieraad der Nederlandsche school.

<sup>1)</sup> *Chron.* 1 Des. 1824.

<sup>2)</sup> *Chron.* 15 Des. 1824.

<sup>3)</sup> *Chron.* 29 Des. 1825.

<sup>4)</sup> *Chron.* 30 Maart 1825.

<sup>5)</sup> *Chron.* 11 Mei 1825.

<sup>6)</sup> *Chron.* 18 Mei 1825.

<sup>7)</sup> *Chron.* 22 Des. 1824.

Gij, die ons Thirsa schonk in uwe lentejaren;  
 Die d'ouderdom bezong, door uwe schelle snaren.  
 Die het zoo somber graf het menschdom hebt gewijd." 1)

Tot dus ver was die geleentheidsdigter DE LIMA van die *Chronicle*-drukkery, die „Tempel van Janus”, afhankelik maar in 1826 sou hy sy eie koerant hê om die „opkomende letterbloei” te bevorder.

In Januarie 1826 verskyn *De Verzamelaar* (The Gleaner), 'n weekblad in Hollands, wat van 1 Januarie 1827, (toe die goewerneur Lord CHARLES SOMERSET die ou *Kaapstads Courant* van naam en inhoud verengels) die naam gedra het van *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter of De Verzamelaar*. Hierin kon hy sy diglus en spotlus laat hoogty vier. In prosa gaan dit veral teen *The Colonist* „dat erbarmliijk diertje” van 'n krant, en in rym val hy sy vyande, veral BONIFACE, aan. Tipiese voorbeelde is *Hoogmoed komt voor den val* 2) waarin „Pochhans”, wat altyd by „Mahometsgeslacht” te vind was, bespot word, omdat hy altyd in die skuld sit. In *De Kabbeljaauwen Vorst* 3) word weer sinspelinge gemaak op „een bruine Fricassée”, wat by die trotse kabbeljou hoort. *De Kabbeljaau is aangespoeld* 4), wat kon gesing word op die wys van „Ik min de meisjes en de Wyn”, is nog 'n persiflage op dieselfde persoon. Dieselfde toon klink uit *Klaplopery* 5) en 'n *Gebeurtenis in de Kaapstad* 6) deur J. N. M., verhalende spotverse wat as voorlopers van die eerste Afrikaanse versies van vyftig jaar later, kan beskou word.

DE LIMA wou leeslus en skryflus opwek ook onder die minderbevoorregte klasse. Daarom publiseer hy 'n uittreksel uit die *Reizen en Lotgevallen* van die pasaangekome „translateur by 't hooge gerechtshof”, J. SWAVING, en voeg vleiend en profeties daarby:

1) *Chron.* 8 Sept. 1824. *Nieuwe Gedichten*, p. 124.

2) *De Verzamelaar* 3 Sept. 1828.

3) *De Verzamelaar* 1 Oktober 1828.

4) *De Verzamelaar* 27 Aug. 1828.

5) *De Verzamelaar*, 30 Aug. 1828.

6) *De Verzamelaar*, 2 Julie 1828.

„En wie weet welke belangrijke, welke goud aanbren- gende ontdekkingen er vroeg of laat nog eenmaal tot roem en luister dezer volkplanting voor den dag zullen komen, als leeslust of zucht naar onderzoek eenmaal de algemeen heerschende, geliefkoosde neiging des geheelen Publieks, zoo van arm en rijk, aanzienlijk en gering, van Blanken en Zwartten, van Heiden en Christen zal ge- worden zijn”.<sup>1)</sup>

Hy sal bepaald sukses gehad het met *De Grootte Regenboog Partij op de Breëlstraat*<sup>2)</sup>, 'n brief onder die pseudoniem JACK ROASTBOY in navolging van die Spektatoriale geskifte van STEELE en ADDISON en VAN EFFEN waarin maatskappelijke vraagstukke op satiriese wyse behandel word. As egter *laudator temporis acti* waarsku hy hier teen die „Quadrille koorts”, die bals wat toe erg in die mode was (miskien ook 'n steek vir BONIFACE) en teen die negrofiele wat met die hofsake van Dr. PHILIP soveel opsien verwek het:

„DE GOEDE OUDE TIJDEN”.

Och hoor naar mijn lied, 't is geen geheimenis,  
Als ik tezamen meng zang — dichtkunst — geschiedenis;  
De gouden tijd is niet meer, ja die is voorbij,  
Wij denken er aan, en dan zuchten wij.  
O, die goede oude tijd.

Toen had het huis een rieten dak, de straat was toen niet  
geplaveid,  
De deur stond enkel op een klink; 't venster toen geen licht  
verspreidt,  
Weinig volk was te vinden, men wist van steel noch roofpartij,  
En de Hoofdschout stierf van honger, niemand wist van  
schelmerij.

O, die goede oude tijd.

De rijksdaalder was de trooster, en men wist van geen geweld,  
Onze rijkdom was de braafheid, en zeer veel papieren geld,  
Aan zijn meerdren liet men over om te denken zoo als 't hoort,  
Twee of drie geleerde menschen bragten redevoerings voort,  
O, die goede oude tijd.

<sup>1)</sup> *De Verzamelaar*, 2 Julie 1828.

<sup>2)</sup> *De Verzamelaar*, 8 Oct. 1828. Alleen maar die vers is herdruk in sy *Nieuwe Gedichten*, p. 131.

Als de Kaffers ons bestormden, dan verdreef men hen met  
 En de rood gerokte natie had aan de grens geen legermagt,  
 Hottentot kon men regeren, en met snaphaan en met lood,  
 Door een *Boschman* op te brengen stond m'aan geen ver-  
 volging bloot,  
 O, die goede oude tijd.

Onder die „rood gerokte natie” het die slawe dit goed.  
 Rosa wil ook na die dansparty, en op die vraag: „Maar Rosa,  
 welk figuur zoudt *gij* maken bij al die mooye gezigten”, lê  
 die skrywer weer in versvorm die antwoord in haar mond:

„Kroezig haar, en zwart gelaat.  
 Geeft natuur geen onderscheid,  
 't Verschil moog zijn de kleur van 't vel,  
 Maar soo bij zwart als wit, heersch *één* genegenheid.”

Dergelike persoonlikhede en uitlatings van die aard, het  
 hom meer vyande dan vriende besorg en daarby was DE LIMA  
 totaal ongeskik om sy finansies te reël. Gedurig was hy in  
 geldelike moeilikhede gedompel, waaruit hy hom 'n enkele  
 keer met sy groot regs kundige kennis en behendigheid gered  
 het. Gewoonlik het hy maar bankrot gespeel en dan maar  
 weer met 'n lastersaak probeer terugwen, wat hy so pas verloor  
 het. In 1830 is hy failliet en sy grootste schuldeiser, PIETER  
 VAN BREDa, ongetwyfeld gesteun deur BONIFACE, ontfutsel  
 hom sy drukpers met intekenaars en al. Hy het later weer enige  
 skadevergoeding gekry maar sy aartsvyand BONIFACE was  
 in sy redakteursstoel en sy *Verzamelaar* het *De Zuid-Afrikaan*  
 geword.

5. BONIFACE AS JOERNALIS, DRAMATIS EN HEKELAAR.  
 SY KONFRATERS, LATER VYANDE J. J. DE KOCK EN  
 CORNELIS MOLL.

Vir BONIFACE was die redakteurskap van *De Zuid-Afrikaan*  
 'n ware uitkoms. In 1826 was hy weg van Rondebosch, „den  
 Hemel zij dank” in die stad terug, aan die Latynse skool.  
 In 1827 gaan hy bankrot as gevolg van 'n skindersaak waarvan

hy die onkoste moes dra en sy toneelgeselskap word ontbind. Hy probeer wat te verdien as „gezwooren translateur” en skryf sy *Relation du Naufrage du navire français L'Eole*, wat in 1829 by BRIDEKIRK uitgegee word. Hierdie *Relation*, m.i. die interessantste stuk uit sy hele *oeuvre*, het hy saamgestel uit koeranteberigte veral uit die *S.A. Commercial Advertiser* en die *Mercury*, en uit mondelinge verslae van 'n paar van die ag skipbreukelinge, wat die stranding van die *L'Eole* op die ooskus in April 1829, oorleef het. Dit bevat 'n lewendige, pakkende beskrywing van hul verblyf onder die kaffers, aankoms by Fort Willshire, besoek aan Grahamstown en uiteindelijke koms in Kaapstad. Daar kry hul 'n gids MORDANT <sup>1)</sup> om hul rond te lei, 'n mondspreuk vir BONIFACE, wat nou sy ergernis oor sekere Kaapse aangeleenthede en persoonlikhede kan lug. Die jong mense ry in koetse rond, pronk met mooi klere, maar koop alles op skuld; die Kaapnaar is eers hartelik en vriendelik en gasvry maar dan laat hy die vreemdelinge links lê, die beurs is nie mooi nie, die toneelstuk wat hul sien <sup>2)</sup> maar matig, die beroemde tuin van die Oos-Indiese Kompanjie staan vol kool en aardappels en die „diergaarde” wat DE LIMA so besing het, „ne vaut pas la peine d'être vu”. <sup>3)</sup> In die geregshof is hul stom van verbasing, want, soos MORDANT dit uitdruk, die spul is nie te herken nie. Sedert agtien maande is die taal alles Engels, in plaas van ag regters is daar vier; 'n prokureur, kommissarisse, 'n jurie het die plekke ingeneem van die fisikaal, die landdroste en Heemrade respektiewelik. In die vorm van 'n tweespraak met die nodige gebare by die *dramatis personae* aangedui, trek die hele wantoestand by ons verby. Een vraag en antwoord sal volstaan: <sup>4)</sup>

---

<sup>1)</sup> Die naam herinner aan CONSTANTIA DOROTHEA LE MORDANT, by wie BONIFACE 'n basterd seun gehad het, 'n Mosambiekse slavin wat huishoudster van sy vrou, 'n Kaapse dame MARIA GERTRUIDA HEYNEMAN was.

<sup>2)</sup> 'n Gemeenskaplike voorstelling is vir die skipbaeukelinge in die skouburg gegee. Vgl. BOSMAN: *Drama* p. 201.

<sup>3)</sup> *Relation* p. 104.

<sup>4)</sup> *Relation* p. 109.



*Nous — mais, vos Colons, que present-ils de tout cela? Lui (avec emphase). —*

Leurs timides esprits,  
De ces grands changements sont encore étourdis.”

In die gereghof sien hul die „Robinson Crusoe des Hollandais”, die „Juif-errant”, wat na sy omwandelinge en twee dik volumes teen die Roomse beelddiens, hier tolk by die gereghof geword het en nou saampraat met die koloniste oor „des gekke Franschen!” <sup>1)</sup> BONIFACE het dit die slag met SWAVING aan die stok. Ook die pasopgerigte Z.A. *Athenaeum* kry ’n raps omdat hul van ’n doodgewone leerkrag durf praat as ’n „Professeur de Langue française”. <sup>2)</sup>

Sy skerp kritiese gees wat meer afgebreek het dan opgebou het, sy opvlieëndheid, sy persoonlike aantygings, sy haatdraendheid wat hom die lyfspreuk *Nemo me impune lacessit* (niemand kom my ongestraf te na nie) laat kies het, het BONIFACE hopeloos ongeskik gemaak vir redakteur. In sy eerste inleidingsartikel in *De Zuid-Afrikaan* slaat hy al daarop los oor al die „humbugs” aan die Kaap: „Gij hebt sedert het jaar 1806 tijd genoeg gehad om u met dit woord en deszelfs betekenis gemeenzaam te maken. Derhalven aanstaande week zullen wij beginnen met ‚Free Press Humbug’, ‚Independent Newspaper humbug’, ‚Missionary humbug’, en vooral (want dit is de ‚paramount’ of ‚non plus ultra’ van alle ‚humbugs’) de ‚Philippisch humbug’.” <sup>3)</sup>

Na ses maande is daar hooglopende rusie, die pers is in ’n hofspraak betrokke en hy moes as gevolg van sy kontensieuse artikels die redaksiestoel van *De Zuid-Afrikaan* verlaat.

Nou volg ’n tydperk van toneelbedrywigheid en dramatiese skeppingswerk. Die inspirasie het hy gevind in die oordrewe matigheidsbeweging aan die Kaap wat hy hekel in ’n leesdrama *De Nieuwe Ridderorde of de Temperantisten* (1832) <sup>4)</sup>

<sup>1)</sup> *Relation* p. 112—114.

<sup>2)</sup> *Relation* p. 123. Sien verderop oor SWAVING.

<sup>3)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830.

<sup>4)</sup> Kaapstad, 1832. Uitvoerige bespreking in BOSMAN: Drama en Toneel.

Op die buiteblad van hierdie „kluchtig blyspel in vier bedrijven” het hy ’n esel op ’n verhoog geteken, wat die woord „Temperantia” dekreeteer en onderaan kom die woorde: „and never get drunk”. Agter die esel hang ’n stralende son en daarom heen ’n krans waarvan een helfte uit ’n skotse distel en die ander uit ’n bloeiende wingerdloot bestaan, saamgebind met ’n lint, waarop die woorde „We abstain from Brandy” pryk. Die simboliek is duidelik: die sotterny om in Suid-Afrika ’n Matigheidsbond op te rig. Die hoofpersone in die stuk is dan ook van die „humbug”-soort en dit is die „non plus ultra van alle „humbugs’ de Philippish humbug”, wat hier die onmeedoënste gehekel word. Op 28 Januarie 1832 is daar tot die stigting van ’n *Cape of Good Hope Temperance Society* oorgegaan op ’n vergadering waar dit taamlik rumoerig toegegaan het. Dr. PHILIP het met groot welsprekendheid die verderflike gevolge van dronkenskap in die swartste kleure geskilder en Amerika as die model-„droog”-land voorgedhou; die hoofmedikus van die Somerset-hospitaal het ’n lys van gevalle van „Delirium Tremens” opgelees ter afskrikking van die drankewel, maar dit het verskeie sprekers tog opgeval dat die beweging uit Amerika oorgewaaie het en hier heeltemal onnodig was. Een van die teenstanders van afskaffing het ’n storm van verontwaardiging van die voorstanders uitgelok, toe hy gewaarsku het dat Venus die plek van Bacchus sal inneem as die drank verbied word, waarby ’n twintigtal sedige dames die vergadering verlaat het!

In *De nuwe Ridderorde of de Temperantisten* gee BONIFACE sy lesing van wat daardie aand plaasgevind het, wat hy eers in die voorberig verduidelik. Daarin verklaar hy die woord „*Temperance of matigheid*” as van die „*Humbug* geslacht”, toon aan die Engelse voorliefde vir „societies”, die onmatigheid van hul „Reverends” wat „ratelende verbiage, ongerijmdheden, laffe stories en onwaarheden” verkondig. Hy vind dit niks as aanmatiging van hulle om matigheid te verkondig waar dit een van die hoofdeugde is van „een gruwelik gehoond en gelasterd volk, de *Zuid-Afrikaanse kolonisten*” aan wie BONIFACE sy stuk opdra.

Die nuwe ridderorde van sogenaamde Temperantiste of